Hebreërs, Hoofstuk Vier

. . . is om meer van ons geseënde Here te weet. En dis ons—ons doelwit om hier te vergader, is vir daardie doel, en, nou, en om vir God se siek kinders te bid. En vanoggend het ons 'n—'n wonderlike seëning uit die Skrifte gehad.

2 Ons probeer neem, elke keer met die diens, 'n deel van . . . Ek onderrig uit die Boek van Hebreërs, het, vir die laaste paar weke nou. En nou, as die Here wil, sal ons op Woensdagaand voortgaan, dan op Sondagoggend en Sondagaand, aan—aan, vir so lank as wat ek in hierdie tyd hier sal wees. Nie 'n herlewing nie, maar dis herlewing, 'n diens op ons gereelde aande. En so is ons baie, baie bly om hierdie tyd te hê om met ons goeie vriende in die stede rondom saam te kom, en hier rondom in die Falls Cities. En as—as ons 'n kansellasie of iets sou hê, mag dit wees dat die Here ons sal lei, binnekort, om . . . miskien kan ons 'n paar aande hê, miskien, in die gimnasium of iets, na 'n ruk, as die Here blyk in daardie rigting te lei, na 'n plek waar ons ons mense bymekaar kan kry.

En ons het mense gesien soos wat aangekom het, keer terug, sê: "Daar was nie plek om—om in te kom nie." Natuurlik, die tabernakel is vreeslik klein. Dit het net sitplek vir baie, baie min mense, en ons is net so bly dat julle gewillig is om uit te kom en in die hitte te sit, om die Woord van die Here te hoor. En ons bid dat God julle uitermatig, oorvloediglik sal seën en om julle te help.

3 En nou, vanaand, wil ons, begin ons met die 4de hoof— . . . Hoeveel was vanmôre hier? Laat ons julle hande sien. O, dis wonderlik, feitlik julle almal. En ons is by, begin met, die 4de hoofstuk van die Boek van Hebreërs. O, watter wonderbare Boek! Geniet julle Dit? [Gemeente se: "Amen."—Red.] En dit vergelyk Skrif met Skrif.

4 En Paulus, voor hy ooit van sy ondervinding wou getuig, moes hy eers onder na Arabië toe gaan en uitvind, deur die Woord of dit die Waarheid was. Ek hou daarvan. En vanoggend se les, het ons uitgevind, in die onderrigting vanoggend, dat Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. En Paulus het gevind dat dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, hom op die pad na Damaskus ontmoet het. Ons het uitgevind dat die Vuurkolom wat die kinders van Israel daar in die wildernis gelei het, na die beloofde land, het Paulus ontmoet op die pad na Damaskus, en het Homself "Jesus" genoem.

5 Toe het ons die ware allerhoogste Godheid van Jesus Christus uitgevind. Die hele Boek hier is net 'n openbaring

van Jesus Christus. En Hy het gekom, ons vind dat: "Op verskillende tye en op verskillende maniere het God tot die vaders gespreek deur die profete; in die laaste dae deur Sy Seun, Christus Jesus." Hy het Homself geopenbaar. En die Boek van Génesis tot Openbaring is niks anders as een konstante, voortdurende openbaring van die Here Jesus nie.

6 En ons vind uit dat Hy die Een was wat in die brandende bos was. Ons vind uit dat Hy die Een was wat by God was voor die grondlegging van die wêreld. En ons vind uit dat, in die Nuwe Testament, was Hy God en Mens, tesame. En dan toe Hy die Nuwe Testament agtergelaat het, om in die Hemel in te gaan, het Hy gesê: "Ek het van God gekom, en Ek keer terug na God."

7 En toe, toe Paulus Hom ontmoet het, was Hy in dieselfde vorm wat Hy was toe Hy Israel gelei het, 'n Vuurkolom. En Paulus het Hom reguit in die gesig gekyk, synde onbekeerd, en dit het hom oogprobleme veroorsaak vir die res van sy dae. Hy het blind geraak, en vir verskeie dae kon hy glad niks sien nie. Hy moes gelei word na 'n straat genaamd Reguit.

8 En God het 'n profeet daar gehad met wie Hy gepraat het, met die naam Ananias, wat ingekom het, deur 'n visioen, en sy hande op Paulus gelê het, en gesê het: "Broer Saul, ontvang jou sig."

9 En ons het uitgevind, toe, dat daardie selfde Heilige Gees, dieselfde Here Jesus, na Petrus gekom het in 'n vorm van 'n Lig en hom uit die tronk bevry het.

10 En ons vind dat daardie selfde Here Jesus, in hierdie dae, steeds in daardie Vuurkolom (Lig) is wat Sy mense (Sy Kerk) lei, dieselfde ding doen, visioene gee; kom in en lê hande op die mense, deur 'n visioen. Die Here Jesus, Wat verlede Sondagoggend by die huis ontmoet het, en gesê het: "Daar kom 'n man, swartkop, word grys. Hy is 'n Griek. Sy vrou is middeljarig, en sal by die altaar huil."

11 Sommige van hulle het dit vertel, en het geweet dit gaan gebeur. Hy was beide verlam, die—die balans senuwee in sy kop was weg. Hy kon nie eens beheer oor sy voete of sy ledemate hê nie. En hy was blind. En om dit dubbel seker te maak: ek het 'n dametjie vir die siekes kom laat bid, eers, toe weer omgedraai en Broer Toms laat kom bid. En ons, sit hier, kyk hoe dit ontwikkel. En toe het ek gegaan en vir die siekes gebid, en teruggestap. En sy het gekom, net presies volgens die visioen, en my aan die arm gegryp en begin huil, en het gesê Dr. Ackerman het hulle hierheen gestuur. Dr. Ackerman is 'n boesemvriend van my, Katoliek. Sy seun is 'n priester by die klooster by—by Sint Meinrad, en daar in Indiana. En hierdie man was van Jasper. En die Here het hom genees, uit daardie stoel. Hy het opgestaan en geloop. Hy kon so goed sien soos enigiemand anders. En het by die gebou uitgestap, normaal en gesond. Alles deur 'n visioen!

12 "Broer Saul, die Here Jesus wat aan jou verskyn het op die weg, het my gestuur dat ek my hande op jou kan lê, dat jy jou sig kan ontvang en met die Heilige Gees vervul kan word." Wonderlik.

13 "Dan vind ons uit, siende dat ons hierdie groot saligheid het, behoort ons nie. . . Ons sou nie die straf en toorn van God kon ontsnap, as ons so 'n groot saligheid verontagsaam nie."

14 Nou gaan ons begin lees, vanaand, uit, en die 4de hoofstuk van die Boek van Hebreërs begin. As iemand saam wil volg, ons het 'n paar Bybels hier. As hulle een wou hê, wel, een van die plekaanwysers sal dit na jou toe bring, as jy jou hand ophou, hierdie—hierdie Bybels. As een van die broers hier sal neem. . . Daar lê twee Bybels hier, meen ek.

15 En nou sal ons gou maak, omdat ons nagmaal het na 'n rukkie. En waar ons klaarmaak vanaand, begin ons Woensdagaand weer. Nou, ek meen, vanmôre met ons lees, het ons by die 15de vers begin.

16 Iemand, ken my miskien nie om bril op te sit, om mee te lees nie. Ek word oud. En ek kan nog lees, maar ek kan dit nie vinnig optel nie, veral as ek fyn leeswerk, fyn druk het nie.

17 En ek het gegaan om my oë te laat ondersoek, om te sien of ek werklik my sig aan die verloor is. My oë was tien-tien. Hy het gesê: "Maar jy's oor die veertig, seun." Hy het 'n ding gehad vir my om te lees, gesê: "Begin dit lees." Ek het dit gelees. En ek het bly naderkom, dit het stadiger en stadiger gevoel. En dit het omtrent *so* geraak, ek het opgehou. Toe het hy daar uitgesit vir tien-tien, ek kon dit enige plek lees. Maar hy het gesê: "Wat dit is, wanneer jy veertig verbygaan, raak jou oogappels plat."

18 Nou, kan my oë skeeftrek, en net *so* naby aan my lees, maar jy moet skeefkyk. So, hy het net vir my 'n bril gemaak. Ek kan dit sien, enige plek, wanneer dit regtig naby aan my is. Nou, wanneer dit weg van my af raak, kan glad nie sien met hierdie goed nie. Maar ek lees hulle, lees hieruit met die bril.

19 Nou, vanoggend, het ons die laaste deel van die 3de hoofstuk van Hebreërs gehad. En o, watter ryk pitkos het ons nie gevind nie. Nou luister. Ek wil weer lees, sodat ons nou 'n agtergrond kry. Nie daaroor praat nie, maar net soort van 'n bietjie daaroor gaan.

> *omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie.*
>
> *Want sommige,* hulle het die Woord gehoor, toe hulle die Woord gehoor het, *het Hom verbitter, alhoewel nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie.*

20 Nou, daarin, vanoggend, vind ons dat Hy gesê het: "Verhard julle hart nou nie soos in die dae van die verbittering

nie." Dis toe hulle God tot toorn verbitter het, omdat Hy aan hulle Moses, Sy profeet, gegee het, en 'n teken wat met Moses was. Hoeveel, van die klas vanaand, weet wat daardie teken was? Vuurkolom, Hebreërs 13.

21 Nou, ons weet nie of die gemeente daardie teken gesien het of nie. Maar Moses het Dit gesien, want Moses het Hom eers ontmoet in 'n brandende bos. Hy was 'n Vuur. En die kinders van Israel het Moses gehoorsaam, en Egipte verlaat. En sodra hulle uit Egipte uitgekom het, het God, het ons gevind, hulle in 'n strik gelei. Waar, Farao se leër agter hulle, die Skelfsee aan weerskante, en God het hulle op die proef gestel; en hulle het bevrees geraak. En dit het God vertoorn. Hy het gesê: "Waarom roep jule na My?" Het gesê: "Praat net en gaan voort." Ek hou daarvan.

22 Nou, hulle het Moses gevolg, soos wat Moses die Kolom en Wolk gevolg het, en hulle was op hulle pad na die beloofde land. Pragtige beeld van die Kerk, vanaand, op ons pad na die beloofde Land, gelei deur dieselfde Gees, dieselfde tekens en wonders waarvan God gepraat het.

23 Nou let op. Toe, het hulle gekom by die Woestyn van Sonde. Die—die waters was "bitter," *Mara*. Waarom het God hulle na bitter waters gelei? Lyk asof Hy hulle na goeie water sou lei. Maar Hy het hulle na bitter waters gelei sodat Hy hulle geloof kon beproef. Hy hou daarvan om dit te doen. Hy hou daarvan om beproewinge oor jou te laat kom, wys Hy kan jou Sy liefde en Sy krag wys. Hoe kan mense, vandag, wat nie glo in die wonderwerking van God . . . Wanneer beproewinge kom, gee hulle net op en gaan aan. Maar ons glo dat "God doen wonderwerke." Hy kan nie . . . God het . . .

24 Luister hierna. As God nie dieselfde optree, wanneer dieselfde omstandighede voorkom nie, dan is God skuldig daaraan van partydig te wees vir Sy mense. God se soewereiniteit vereis van Hom om in elke geval te werk soos Hy in die eerste geval het, of Hy was verkeerd toe Hy in die eerste geval gewerk het. As God nie op dieselfde wyse optree as Hy in die eerste geval het nie, as Hy anders sal optree in die tweede geval, dan het Hy verkeerd opgetree toe Hy in die eerste geval opgetree het. As God die siekes genees het in die Ou Testament, moet Hy dit in die Nuwe Testament doen en vandag, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy hulle destyds genees het. Hy moet dieselfde optree, elke keer. En Hy sal dit doen, as dieselfde geloof die toestand tegemoetkom. Die fout is in ons, nie in God nie. Want ons sien Hom op sommige, en vele, groot uitstaande wonders bewerk. Ons weet dit. Die kritikus kan nie sê: "Dis nie so nie." Want ons sien Dit dit bewys, en daar is dit.

25 Hulle het altyd gesê: "Wys my 'n wonderwerk." Hulle kan dit nie meer sê nie. Wetenskap kan dit nie meer sê nie.

Ons kan absoluut vir die wetenskaplike wêreld bewys. En die wetenskaplike wêreld het getuig dat 'n bonatuurlike Wese, in 'n vorm van 'n Vuurkolom, met ons is. Hier is Sy foto, net hier, en een hang in Washington D.C. vanaand. Dit is dieselfde Christus.

26 Dus, vir 'n ruk, het my broers in die bediening altyd vir my gesê: "O, Broer Branham, dis die Duiwel. Moet jou nie daarmee ophou nie." Het my bang gemaak.

27 En ek wou dit nie verkondig tot God gekom het en dit geopenbaar het nie, dat: "Hy's dieselfde Jesus, dieselfde Een." O, probeer dit dan uit my uitskud? Kan nie gedoen word nie. Want, dis die Skrif. Dis God se Woord. Dis nie net 'n ondervinding wat los is nie. Dis 'n ondervinding wat deur God se Woord gerugsteun word en God se Ewige geseënde belofte.

28 Nou, ons let hier op, dan, dat Hy gesê het.

Want sommige, toe hulle gehoor het, het verbitter . . .

Sekerlik. Hulle het moeg geword, elke keer wat hulle gekom het by 'n plek waar 'n konfrontasie gekom het. Dan sou hulle wat doen? Hulle sou lostrek, en moeg raak, en wil omdraai, en "Waarom het *dit* met my gebeur?"

29 Vreemde ding, vanmôre, nadat dit gepreek is net so hard as ek kon, het daar baie na die altaar gekom en Dit bevraagteken: "Waarom gebeur dit met my?" Sien julle hoe Dit gaan? Dit gaan bo—oor die mense se kop. Dis net dieselfde, mense.

30 Jesus het gesê: "Julle het oë, maar julle kan nie sien nie." Hy het dit vir die dissipels gesê.

31 Hulle het gesê: "Kyk, nou praat U duidelik. Nou glo ons. Niemand hoef U iets te sê nie, want God toon dit vir U."

32 Hy het gesê: "Glo julle nou, na al dié tyd?" Sien?

33 Jy moenie enigiets bevraagteken, teenoor God nie. "Want die voetstappe van die regverdige is georden deur die Here." En elke beproewing word op jou geplaas, om jou te toets. En die Bybel het gesê: "Hulle is meer kosbaar vir jou as goud." So as God 'n paar ligte beproewings met jou laat gebeur, onthou, dis vir jou regstelling. "Elke seun wat na God toe kom moet eers deur God getugtig word, en beproef, as kind geleer word." Daar's geen uitsonderings nie. "Elke seun wat kom." Hierdie beproewings word gemaak of gebring—aangebring om te sien watter houding jy sal aanneem. Sien? Dis God, op hierdie toetsterrein. Dis die hele aarde is, is die toetsterrein, en waar Hy jou probeer uittoets.

34 Nou luister, soos ons voortgaan. En ek wil by die laaste deel daarvan uitkom.

En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie . . .

Nou, dis daar waarby ons kom, vanaand.

. . .in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames?

En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.

35 Nou, wat is sonde? Ongeloof. God het na hulle gekom, in 'n Vuurkolom; het Sy profeet gestuur, en hom gesalf, het hom tekens gegee om voor die mense te doen. En toe het die Vuurkolom, deur die profeet, hulle uitgelei. Elke omstandigheid waarvoor hulle te staan gekom het, begin hulle murmureer en noem elke foutjie wat hulle met Moses gevind het, begin brom en klets teen Hom. En God was ontevrede, want Hy het gesê: "Hulle sondig."

36 Hulle moes geluister het. Maar, in plaas daarvan, het hulle na rede geluister. "Hoe kan dit wees? Hoe kan hierdie dinge wees?" As Hy God is, is alles moontlik. En Hy sal alles laat meewerk ten goede vir hulle wat Hom liefhet.

37 Nou gaan ons hier in 'n groot studie in, dit is, oor die "Rus", die *sabbat*. Nou, hulle was reisigers in hulle reis. Sien? Hulle was daar in Egipte, vierhonderd jaar, en in slawerny. En nou is hulle uitgebring deur die wonderwerke van God, volgens Sy belofte. En hulle was op hulle pad na die beloofde land. En hier verskyn 'n bonatuurlike Lig, onder hulle, en begin hulle lei.

38 Nou, iemand sou sê: "Nou, kyk net hier, wie is hierdie Moses? Wie het hom 'n heerser oor ons gemaak? Is jy nie een van ons nie? Wie het jou hier geplaas om ons baas te wees? Jy dink jy weet meer as wat ons pastoor weet? Jy dink jy weet meer as wat ons priester weet? Dink jy jy is—jy is slimmer as wat ons godsdienstige manne is, van hierdie dag?" Dit het niks daarmee te doen gehad nie.

Dit was God, in die Vuurkolom, wat bevestig dat Hy in die beweging is. Het geen verskil gemaak wie is slim en wie is nie slim nie. Dit was die idee van te volg wat God voor hulle geplaas het.

39 Wel, Moses, sover dit die fisieke aangaan, het 'n dom ding gedoen toe hy die kinders van Israel deur die Woord van God probeer verlos het, 'n klomp mense daar in die wildernis ingeneem het. Wanneer hy gehad het sy. . .Wel, hy was erfgenaam van alles wat hulle gehad het. Hy het elke leërmag wat daar was, in die hele wêreld, verslaan gehad. En daar was hy, 'n groot militêre generaal. En die volgende skuif, sou hy koning wees, Farao van Egipte. Wel, hy sou net na die troon kon stap, en sê: "Goed, kinders, gaan terug na julle huis toe." Dit handel dit af; hy was 'n Farao. Maar Moses. . .

40 O, hier is dit. Moses, deur *geloof*, het die belofte van God gesien. En die Engel van die Here het na hom gekom, en hy het

meer geweet omtrent God, in vyf minute in die teenwoordigheid van daardie Engel, as wat hy geleer het in veertig jaar by die leermeesters van Egipte. Hy het geweet dat Hy was. Hy het die bonatuurlike gedoen gesien.

41 Hy het gesê: "Ek sal met jou wees, Moses. Ek sal voor jou uitgaan." En hulle het verstaan. En Hy het hom tekens gegee om te verrig.

42 Nou, hulle was op hulle pad na die land van rus. God het vir hulle 'n rus gehad, 'n plek waar hulle nie hoef te wees. . . werkmeesters oor hulle, om hulle te dryf, hulle dinge te laat doen.

43 Watter pragtige prent is dit vandag, wanneer ons na die Kerk kyk en die Kerk in sy toestand sien, elke mens wat uit die Gees gebore is, verag die wêreld. "En as julle die wêreld of die dinge van die wêreld liefhet, is die liefde van God nie eens in julle nie." Dis wat die Bybel gesê het. En die ware reisiger, op sy pad, haat eenvoudig die dinge van die wêreld. Hy haat dit om mense te sien drink. Hy haat dit om mense te sien rook. Hy haat dit om vroue op straat te sien, met daardie ou vuil kleertjies aan. Hy haat dit om bunko- en kaartpartytjies te sien.

44 En gister, terwyl Broer Tony. . . of Broer Woods en ek deur die straat kom, en nog ander, sommige van die mans. . . Daar was 'n dametjie daar in Louisville, in die straat afgekom, op die oog af mooi dametjie, met die klere aan wat vreeslik was; net 'n klein bietjie bo op die heup, en 'n bandjie om haar heupe geknoop, aan elke kant, en 'n klein ronde stukkie lappie voor haar, en agter vasgemaak met 'n toutjie. Loop daar in die straat, vreeslik, en elke man op die straat wat na haar kyk. Ek het gesê: "Sy besef nie dat sy skuldig is, in God se oë, van ontug te pleeg met elke man wat na haar gekyk het op daardie manier nie. En sy sal antwoord op die oordeelsdag vir ontug te gepleeg het met daardie mans."

45 Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds ontug gepleeg met haar." Dis reg.

46 Toe, julle sien, het Broer Woods vir my gesê: "Wat laat jy daarvoor toe, Broer Branham?"

47 Ek het gesê: "Dis óf gebrek aan verstand óf duiwelbesetenheid." Daar's net twee dinge wat dit maak. 'n Ordentlike, rein vrou sal nie daardie dinge dra nie, tensy sy duiwelbesete is. Dis presies die Waarheid.

48 Nou, 'n reisiger wat op sy pad na die Hemel is, hy lewe in 'n ander atmosfeer. Jy hoef nie besorg te wees oor hy na haar kyk nie. Hy sal sy kop wegdraai as hy God in sy hart het, want hy lewe in 'n atmosfeer wat 'n miljoen myl van daardie dinge af is. Dis reg. Jy wil nie skuldig wees aan daardie goed, by die

oordeel nie. So hy draai sy kop weg en sê: "God, wees die vrou genadig," en hy gaan voort. Ons is op ons reis. Ons is op ons pad na Kanaän's Land. Ons is op ons pad na daardie Ewige en salige Rus wat God ons gegee het. En op die reis, word ons versoek. Ons word versoek met allerhande dinge, maar word tog versoek sonder om te sondig.

49 Nou let op, soos ons na die 4de hoofstuk gaan: "Laat ons dan vrees."

> *Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, . . .*

50 Ek wil hê julle moet onthou, dat, tensy ons uitvind, tensy God dit aan ons openbaar het! Maak nie saak hoeveel ons kerk toe gaan nie, dit het niks daarmee te doen nie. God moet deur openbaring kom en Homself aan ons openbaar, dit neem al die dinge van die wêreld weg. "Nou, terwyl daar gesê word: 'Vandag as julle . . .'"

51 Nou laat ons die—die 4de hoofstuk begin.

> *Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, . . .*

52 Nou onthou, toe hulle op die pad was na Rus, het die Vuurkolom hulle gelei. Nou wil ons uitvind: "Wat is hierdie Rus?"

> *Laat ons . . . vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou,* let op, *dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.*

53 Nou, hier is die belofte. Hier is wat ons moet vrees: as daar nie vir ons 'n belofte nog standhou nie. Maar daar is 'n belofte! En dan, die volgende ding, moenie agterbly nie.

54 Nou, die gedagte is, as ons op ons pad na die Rus is, wat is die Rus? Waar is dit? Is dit aansluit by die kerk? Is dit op 'n sekere manier gedoop word? Is dit lidmaat word van die grootste kerk in die stad? Beter klere dra? Is dit geleerdheid? Is dit geld, sodat ons kan ophou werk en net gaan lê, die res van ons lewe rus, soos wat ons dit noem? Dis nie dit nie.

55 Luister wat die Bybel sê dit is, en hoe ons dit kry.

> *Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk at iemand van julle agtergebly het nie.*
>
> *Want aan ons* (die dag dan) *is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle: . . .*

Wat is die Evangelie? Die goeie nuus. Die goeie nuus het in Egipte na hulle gekom, dat: "God het 'n verlosser gestuur, en Hy gaan ons uitbring en ons neem na die beloofde land."

56 Die goeie nuus aan ons nou, dat: "God het 'n Verlosser gestuur, die Heilige Gees, en ons is op die pad na die

beloofde Land." Nou mense het dit geloofsbelydenisse en denominasies gemaak, maar God bly steeds, dat, ons *Rus* "die Heilige Gees" is.

57 Let op.

> . . . *is die evangelie ook verkondig . . . aan hulle* net soos aan ons: *maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie,* die . . .

Onthou.

> . . . *die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.*

58 O, my broers, laat ek hier vir 'n minuut stilstaan. Maak nie saak hoeveel die Woord verkondig word, hoeveel jy hou van die manier waarop Dit verkondig word nie; tensy jy self 'n deelnemer Daaraan is, sal Dit jou nie een stukkie goed doen nie.

> . . . *omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.*

59 Hulle het die wonderwerke van Moses gesien. Hulle het gesê: "Dis werklik goed." En hulle het nadergeloop. Hulle, hulle het hom wonderwerke sien verrig. En hulle het die Vuurkolom gesien, miskien, of hulle Daarvan hoor praat. "O, dis in orde."

60 Maar dit was nie verenig met persoonlike geloof nie. Want sodra hulle in die wildernis gekom het, het hulle (iedereen) begin murmureer. En God het gesê: "Omdat hulle getwyfel het, was dit sonde." Moet aan niks twyfel nie. Glo. Moenie twyfel nie, maak nie saak hoe moeilik die saak is nie, glo Dit.

61 Nou het hulle begin murmureer, en God het hulle omvergewerp. En toe het Hy gesweer, in Sy toorn, dat: "Hulle sal nooit in Sy Rus ingaan nie." En die Bybel het hier gesê, ek meen Dis in die—die 3de hoofstuk, dat: "Hulle lyke het in die woestyn geval."

62 Die 3de hoofstuk en die 17de vers.

> *En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op dié wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie?*

63 En uit almal van hulle wat uit Egipte uitgekom het, het net twee in die beloofde land ingegaan. Uit die hele voorvloedse wêreld in die vroeë dae, is daar agt siele gered, uit biljoene. "Nou is die poort, en smal is die weg, en slegs 'n paar sal daar wees wat dit sal vind."

64 Sommige mense sê: "Wat dan, Broer Branham, van al hierdie duisende wat die Bybel gesê het daar sal verskyn?"

Onthou maar net hoeveel gesterf het in elke generasie, wat Christene was, daar deur die tye. Hulle sal almal opstaan. Dit

maak die Liggaam uit. Julle verwag daar sal ’n honderd biljoen in hierdie Amerika, uitkom, of êrens anders, hierdie wêreld vandag. Daar mag dalk nie vyftig uitkom nie. Maar die groot losgekoopte Kerk lê in die stof, wagtend. Hulle is God se juwele wat in die stof rus. Maar hulle siele is onder die altaar van God. Hulle is nie in hulle regte staat nie. Hulle is in ’n liggaam, waarlik, maar ’n teofanie. En hulle roep tot God: “Hoe lank?” Hulle kan mekaar sien, maar hulle kan nie mekaar se hande skud nie, daardie soort liggaam.

65 Ontmoet jy jou moeder vanaand in die Heerlikheid, as jy sou gaan, sou jy nie haar hand kon skud nie, omdat sy nie daardie soort hand het nie. Jy sou dit nie kon voel soos jy nou kan voel nie. Want, vyf sintuie is wat in hierdie liggaam geplaas is, kan dit beheer. Die teenwoordigheid van haar sou in ’n ander atmosfeer gevoel word.

66 Dis soos ’n man en vrou. Daar sal geen trouery, of gegee en getroud, in die Hemel wees nie. Waarom? Omdat daar ’n ander soort liefde is. Daar’s geen seksuele begeerte nie. Al daardie dinge het verbygegaan. Jy is gereinig en suiwer.

Maar jy het nooit in daardie staat gelewe nie, daarom is jy nie vir daardie staat geskape nie. Jy wag daar slegs. Maar jy verlang daarna om terug te keer na waar jy ’n man en ’n vrou geskape was, en daar sal God daardie liggaam uit die stof van die aarde opwek en dit verheerlik. Dan sal jy sien, proe, voel, ruik en hoor, en assosieer. Ons sal nooit weet. . .

Ons sou nooit ’n Engel se lewe kon geniet nie. Ons is nie Engele geskape nie. God het Engele geskape. Maar hy het my en jou geskape, mans en vroue. Dis die staat waarin ons sal verkeer, vir ewig, met Sy geseënde Koms.

67 Nou, kyk hoe hulle agtergebly het, omdat hulle gesondig het en kort gekom het aan die heerlikheid. God het hulle die Vuurkolom gewys. Hy het hulle tekens en wonders gewys. Hy het hulle uitgelei. Hy het hulle by versoeking gebring, om hulle te probeer bewys.

68 Nou, het julle nie ’n klomp versoekings gehad nie? Moenie oor hulle kla nie. Wees verheug. God is met julle. Hy probeer julle geloof bewys. Kyk na Job in die Ou Testament, toe Hy gesê het: “Het jy My dienskneg Job aanskou, ’n regverdige man, ’n volmaakte man? Daar is niemand soos hy op die aarde nie.”

69 “O,” het hy gesê: “sekerlik, U het hom omhein: het geen probleme nie, het geen bekommernisse nie. Hy het geen finansiële laste nie, alles is goed. Hy het geen siekte, geen pyn nie. Laat ek hom kry. Ek sal hom U, in U gesig, laat vloek.”

70 Hy het gesê: “Hy’s in jou hand, maar jy neem nie sy lewe nie.”

71 O! Hy het alles gedoen behalwe sy lewe te neem, maar hy kon Job nie beweeg nie. Job het vas bly staan op die Woord. Dis reg. En al die duiwels uit die hel kon hom nie beweeg nie, want hy het geweet dat hy daardie offerhande geoffer het. Hy was regverdig. En hulle het hom beskuldig, gesê: "Jy het gesondig, Job, en God is besig om jou te straf." Hy het geweet dat God nie het nie . . . dat hy nie voor God gesondig het nie. Hy het geweet dat hy regverdig is. Nie omdat hy 'n goeie mens was nie, maar omdat Hy die brandoffer in sy plek aanvaar het.

72 En, vanaand, weet ons dat sy lewe bewys gelewer het dat hy regverdig was. En wanneer jy . . . Probeer nie tuiskom by die Heerlikheid omdat jy jou buurman probeer help nie; dis goed. Nie omdat jy by 'n kerk aansluit nie; dis goed. Maar jy kom tuis by die Heerlikheid omdat jy die geregtigheid van Jesus Christus aanvaar, niks wat jy self gedoen het nie.

73 Nou, soos wat ons voortlees.

> *Want aan ons is die evangelie ook verkondig* . . . (2de vers) . . . *net soos aan hulle: maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.*

Geloof was nie in hulle wat die Woord gehoor het nie.

74 Dink net, vandag, in die klein, nederige bediening wat die Here my gegee het, sou daar veertig miljoen Amerikaners gered wees, vanaand. Weet julle wat sê hulle? "Wel, dis verstandstelepatie. Hy's 'n gedagteleser. Nie sulke goed nie! Wel, hy behoort nie aan ons kerk nie." Sien? Dis nie . . . maak nie saak hoeveel jy dit op die Woord lê en bewys dat dit God se Woord is, God se belofte is, hoeveel die wetenskap bewys dat Dit waar is nie, hulle kan steeds nie glo nie. Die Bybel het gesê hulle kon nie.

75 Gesê: "Wat is die nut dan om Dit te verkondig?" God moet 'n getuie hê, om hulle te veroordeel, op daardie Dag. Die Woord is verkondig en bewys tussen hulle, en hulle het nogtans onkundig weggestap. Daar is niks oor as net oordeel nie. God kan nie regverdiglik—kan nie regverdiglik 'n nasie veroordeel tensy dit genade gehad het voor dit oordeel gehad het nie. Hy is God. Hy sou dit nie kon doen nie.

76 Nou wat sê ons?

> *Want ons wat . . . geglo het,* het ook *die rus ingegaan, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie — alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.*
>
> *Want Hy het êrens van—van die sewende dag so gespreek:*

77 Nou, ek wil nie mense se gevoelens seermaak, teen hulle godsdiens nie. Dis nie my oogmerk nie. Daar in die velde,

verkondig ek net die gewone, groot evangeliese, fundamentele leerstellings. Maar in die tabernakel hier, tussen my kinders, voel ek ek het 'n reg om te verkondig wat ek dink Leerstelling en Waarheid is. Sien? Ek dink dat dit reg is.

78 Nou, ek het duisende goeie sabbatariër vriende, mense wat Sewende Dag Adventiste is. Sommige van die dierbaarste vriende wat ek het, party van hulle is Sewende Dag Adventiste.

Alhoewel, die groot beweging van, wat genoem word, die—die *Stem van Profesie*, hulle is ferm teen my. Hulle het gesê dat ek die stelling maak in die preekstoel, en gesê het: "Ek is God. En dat die . . . en dat hierdie Lig wat gevolg het 'n Engel is, en ek God is. En ek het na die wêreld gekom om groot dinge te doen, om mense te bewys dat ek God is." Nou, dis wat die *Stem van Profesie* oor my gesê het, oorkant in Kalifornië. En wie ook al dit vertel het, julle weet, het iets vertel wat nie so was nie.

79 Maar in die eerste plek, neem nie standpunt teen die Sewende Dag Adventiste kerk of enige ander Sabbatariër kerk nie, maar slegs ter wille van die Evangelie. Ons gaan daar kom, oor 'n paar minute, by die Pinksters, ook. Ja. Dis waar. By Baptiste, ons gaan daarby kom en wys dat God nie enige denominasie begunstig nie. Dis reg. Hy begunstig net die indiwidu. En Hy handel nie met enige denominasie nie, Hy het nooit, en Hy sal nooit, volgens Sy Woord. Maar Hy handel met die indiwidue in elke denominasie. Ja, dis indiwidue met wie God handel.

80 Nou luister mooi duidelik hierna, en as daardie vraag ooit, enige tyd, ooit by jou opkom, sal dit besleg word. Nou, mag die Here ons help.

81 Nou, aandagtig: "Want . . ." Die 4de vers.

> *Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek:* . . .

82 Let nou op. Hy praat van sabbat. Hoeveel weet dat die Woord *s—a—b—b—a—t* in He- . . . die Hebreeuse woord is wat "r—u—s" beteken? Hoeveel weet dit, in die Engels? Sekerlik. Klink *sabbat* nie na 'n snaakse woord nie? Dit is.

83 Klink *sanktifiseer* nie na 'n snaakse woord nie? *Sanktifiseer* is 'n Griekse woord. *Sanktifiseer* beteken "om heilig gemaak te word." Hebreeus, beteken "heilig maak." Grieks, beteken "sanktifiseer." Engels, beteken "reinig."

84 *Sabbat* beteken "'n dag van rus." Dis wat die ou Sabbat was, 'n dag van rus. Wanneer julle *rus* sien, beteken dit "sabbat." Slaan dit na in jou oorspronklike manuskrip, as jy toevallig 'n Griekse Bybel het, en vind uit of die woord . . . As jy 'n Scofield Bybel het, kyk na jou kantaantekening oor "rus" en kyk of dit jou nie na die *sabbat* terugbring nie. *Sabbat* beteken "rus." Goed.

85 Let nou op.

Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy sabbat*, rus in te gaan nog standhou . . .*

86 Nou, baie mense onderhou dae, soos hou *Saterdag* sabbatdag. Ander maak 'n *Sondag* 'n afgod, 'n aanbiddingsdag. En met die genade van God, en deur God se Woord, God help my vanaand, kan ek vir julle bewys dat hulle albei verkeerd is. Beide die Sondag-aanbidder en die Sabbat-onderhouer. Hulle is absoluut albei verkeerd volgens die Woord. En na alles is dit die Woord waarvolgens ons moet gaan, nie volgens wat die Adventiste sê nie, of nie volgens wat die Protestant sê, of die Katoliek sê nie. Dis wat die Bybel sê.

87 Nou, nou let op.

Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: . . .

Nou gaan ons iets *so* opstel, en dit—dit noem: "God se Rus," die sewende dag.

88 Nou let op. "En God . . ." Luister nou na hierdie Skrif.

. . . God het op die sewende dag van al sy werke gerus;

God het 'n Sabbat gehad, en daardie sewende dag was eenduisend jaar lank, 'n tipe van die Millennium.

Want Hy het . . . van die sewende dag so gespreek: En God het . . . van al sy—sy werk *gerus.*

Die persoonlike voornaamwoord: "al Sy werke." Hy het op die sewende dag gerus. Dis God.

En nou weer hier (onder die wet)*: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.*

89 God het gerus, fisies, want Hy het die hemele en aarde in ses dae gemaak, en op die sewende dag het Hy van al Sy werk gerus. Hy het eenduisend jaar gerus. Want die Bybel het gesê dat: "Een dag op aarde is 'n duisend jaar in die Hemel; 'n duisend jaar in die Hemel; is een dag op die aarde." Hoeveel weet die Skrif sê dit in Twee Petrus? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. "God het op die sewende dag gerus. En Hy het êrens so gespreek."

90 Luister nou mooi.

Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het . . . van al sy werke gerus; en nou hier weer, die wet*: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.*

Hy gee die Jode, op hulle pad van die beloofde land . . . of van Egipte, na die beloofde land, die sewende dag sabbat.

91 Nou luister.

Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, . . .

Die rus! God gee hulle die wet, en die sabbat was die vierde gebod.

. . . deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,

92 Nou let op. Hy praat oor die wet, hoe hulle ingegaan het, was nie met die geloof verenig nie. Hulle het dit nie onderhou nie. Hulle het die sabbat onderhou as ’n herdenking, dat hulle gegaan het na ’n land van sabbat, om ewigdurende rus van al hulle probleme en al hulle sorge te hê, geen slawedrywers meer nie, geen rustelose nagte meer nie. Hulle was op hulle pad na die beloofde land van rus. Dit het gevloei van melk en heuning. Die druiwe was so groot dat twee mans een tros oor hulle skouers gedra het. O, watter land van geseënde rus! Maar hulle het daarin gefaal om dit te kry toe hulle daar kom, vanweë hulle ongeloof. Hulle is weggedraai, net veertig myl weg van waar hulle in Egipte weg is, na die beloofde land. En hulle het veertig jaar gevat om daar te kom, vanweë hulle ongeloof. God het hulle hulle profeet gegee, het hom Sy teken gegee, gee hom die Vuurkolom, het tekens en wonders getoon, en het die Evangelie aan hulle verkondig. En hulle het uitgestap agter die visse en brode aan, en het in die woestyn geval. “En hulle lyke het in die woestyn vergaan.”

93 Jesus, by die fontein, het Hy gesê.

Gesê: “Ons vaders het manna in die woestyn geëet, vir veertig jaar.”

94 Hy het gesê: “EK IS daardie Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom. EK IS die Brood van die Lewe. Moses het julle nie daardie Brood gegee nie. My Vader gee daardie Brood. En EK IS die Brood wat van God uit die Hemel kom. As ’n mens Dit eet, sal nooit sterwe nie.” Daar’s die verskil.

95 Nou let op. Hulle het gesê dat Hy. . . “Hulle het gedrink van die Rots wat in die woestyn was, vir die duur van *soveel* jare.”

96 Hy het gesê: “EK IS daardie Rots.” Geseënd sy Sy Heilige Naam! “EK IS daardie Rots.”

Hoe kon Hy daardie Rots wees? Daardie Rots was ’n geestelike Rots. Dit het die kinders van Israel gevolg. En Moses het ’n staf in sy hand gehad, wat ’n oordeelstaf van God was. En God het hom gesê om die Rots te slaan, en hy het die Rots geslaan. En toe hy het, het waters uit die Rots gekom. En Christus was daardie Rots, en die oordeel van God se straf van sonde is op Hom geslaan. “God het op Hom die ongeregtigheid van ons almal laat neerkom,” en daardie ongeregtigheid het Sy hart laat uitbars. En uit Sy hart het die Heilige Gees uitgevloei, soos riviere water, na ’n verganende, sterwende mensdom.

“EK IS daardie Rots wat in die woestyn was.”

“Wel,” het hy gesê: “wil U nou sê. . . ”

97 Hy het gesê: "Moses, die een wat dit vir julle gesê het, hy het verlang daarna om My dag te sien. En hy het dit ten dele gesien."

98 Hy het gesê: "Nou, wil U vir ons sê dat U groter as Moses is? Dat U Moses gesien het? En Moses is al agthonderd jaar dood." Het gesê: "Nou weet ons dat U 'n duiwel het," met ander woorde: "mal. Ons weet dat U mal is."

99 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK. Ek was DIE GROOT EK IS, wat in die brandende bos was. Ek is daardie Vuur wat in die brandende bos was. Ek is daardie Engel wat voor hulle uitgegaan het." En Hy het gesê: "Ek kom van God, en Ek gaan terug na God." En Hy het van God gekom, het vlees geword en onder ons gewoon; het teruggegaan na daardie selfde Vuurkolom.

En hier is Hy, vanaand, na tweeduisend jaar: "dieselfde gister, vandag, en vir altyd," doen dieselfde ding, lei Sy geseënde kinders.

100 En baie kom . . . in vanweë ongeloof. Nou, hy het gesê: "Hy het 'n dag bepaal," 'n dag toe God Sy werk klaar gemaak het. Dan: "Hy het ''n ander dag' bepaal, en op hierdie wyse, dat as hulle sou hoor, as hulle sou kom, wat die sabbatte onderhou, voortgaan deur die nuwe mane ensovoorts." Daarheen is waarnatoe die Adventis-broers jou probeer terugneem.

101 Nou laat ons voortlees. Let op.

> *Terwyl dit dan so . . . dat sommige daar ingaan en* hulle *aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie.*

102 Nou, die 7de vers. O, goeiste! Ek sê die Skrif is wiskundig geïnspireer. Ek sê, die Skrif is, en in elke opsig, geïnspireer. Die wiskunde van die Bybel is perfek.

103 Het julle opgelet hierdie Verenigde State is nommer dertien met alles wat dit doen? Weet julle dit is as die dertien kolonies tot stand gebring? Weet julle die vlag het eers dertien sterre daarin gehad? Weet julle dat alles wat die Verenigde State doen, is in 'n getal dertien? Het julle geweet dit verskyn in die Bybel in Openbaring dertien? Is beslis so. Die klein dier, die lam wat uit die water opkom, nie digtheid en menigtes mense nie . . . nie uit die water nie, maar uit 'n land waar daar niemand is nie. Dit het twee klein horings gehad: burgerlike en kerklike magte. En hy was 'n lam: godsdiensvryheid. Na 'n ruk, het hulle saamgegaan, en hy het soos die draak gepraat, en het al die mag uitgeoefen wat Rome voor hom het. Dit kom na ons nasie toe. Teken julle dit aan. Hou julle dop tot die Konfederasie van Kerke en die Katolieke saam verenig. Kyk wat vind plaas.

104 Mense wat die Vuurkolom volg sal 'n moeilike tyd beleef, maar hulle is gereed vir die verandering op daardie tydstip, dis

reg, net gereed om te gaan. "Want die Lam oorkom hulle," het die Bybel gesê: "en hulle wat Hom volg, omdat hulle genoem is diegene wat gekies is en die getroues, die Uitverkorenes van God." Wegbly om nou op daardie profesie in te gaan, sodat ons hierop kan voortloop.

105 Luister mooi, die 7de hoofstuk, die...ek bedoel die 4de hoofstuk, die 7de vers. Sewe is die getal van voltooïng. Drie is die getal van Lewe. Sewe is die getal van voltooïng, en dit gee die volledige sabbat.

"En weer," onthou, het hy gespreek: "God," op hierdie wyse. Toe het hy van die "wet" gespreek, op hierdie wyse. En dan, weer: "Hy het 'n dag bepaal," derde dag, derde keer.

> *bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy deur Dawid spreek. Vandag, soveel later...Vandag, as Hy soveel later; soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.*
>
> Let op, *as Jesus aan hulle rus gegee het* ('n sabbat) *sou Hy nie van 'n ander dag daarna gespreek het nie.*

Die bedelings verander met Jesus Christus: van die wet na genade, van werke na genade, van iets wat jy doen na wat God gedoen het, op jou eie meriete of op Sy meriete. Dit het verander.

106 Toe Moses uit die woestyn gekom het, met die wet, het hy gesê: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie. Jy mag nie steel nie. Jy mag nie doodslaan nie. Heilig die sabbatdag." Toe Jesus uit die woestyn gekom het...Toe Moses kom, het die Duiwel hom versoek. Sodra die Duiwel hom versoek het, het hy daaraan toegegee. Moses het 'n swakheid gehad. Hoeveel weet wat dit was? Humeur. Sodra hy hulle die goue kalf sien aanbid het, het hy die gebooie neergegooi en hulle gebreek, wat jou wys dat daardie priesterskap verbreek sou word. En God het hulle weer vir hom gegee.

107 Maar toe Jesus uit die woestyn gekom het, veertig vasdae, was Hy honger, al swakheid wat Hy gehad het. En die Duiwel het na Hom toe gekom en gesê: "As U die Seun van God is, verander hierdie klippe in brood. Doen hier 'n wonderwerk. Laat my U 'n wonderwerk sien doen, en ek sal U glo."

108 Jesus het gesê: "Daar is geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.'" Hy het geweet hy het nie vir Moses daar ontmoet nie, want Hy het na die Woord toe gegaan.

109 Het Hom gevat bo-op die toring, tempel, gesê: "As U die Seun van God is, werp Uself neer." En versier, nie aangehaal nie, maar het die Skrif versier. Gesê: "Daar is geskrywe: 'Hy gee die Engele bevel, aangaande, sou U op 'n keer U voet teen 'n klip stamp. Hy sal U staande hou.'"

110 En Jesus het reguit na die Woord toe gegaan, en hom bestraf.

111 Het Hom bo—op die berg gevat en Hom die Verenigde State en Duitsland en Switserland gewys, en al die nasies van die wêreld, wat ooit sou wees, het gesê: "Hulle is almal myne. Ek maak met hulle soos ek wil." Geen wonder ons het oorloë en probleme nie. Het gesê: "Ek maak met hulle. . . " Geen wonder vroue trek aan. . .en kom weg daarmee, volgens die wet nie. Hulle word almal geregeer deur die Duiwel. Dis wat die Bybel gesê het. Satan het gesê: "Hulle is myne. Ek maak met hulle soos ek wil." Gesê: "As U my aanbid, sal ek U koning maak soos ek is."

112 Jesus het gesê: "Daar is geskrywe: 'Jy moet die Here jou God alleen aanbid, moet jy dien.' Gaan weg agter My, Satan."

Waarom? Jesus het geweet dat Hy erfgenaam van hulle sou word in die groot Millennium, wanneer Sy Koninkryk sou kom. "U wil geskied op aarde soos in die Hemel." Daar sal nie meer kortbroek gedra word nie. Daar sal geen drinkery meer wees nie. Daar sal geen wellus meer wees nie. Daar sal geen egbreuk meer wees nie. Daar sal geen dood meer wees nie. Daar sal geen smart meer wees nie. Hy erf elke nasie. Hulle is Syne. Dis reg. Hulle is Syne, en Hy sal erfgenaam word. Maar Satan het hulle vir 'n tydsbestek, dit is, die dag waarin ons lewe.

113 "Maar Hy het 'n dag bepaal, gesê: 'Vandag, na so 'n lang tyd.' En het gesê: 'Verhard julle hart nie.'"

Want as Jesus aan hulle rus wou *gee. . ., sou Hy nie van 'n ander dag* agterna *spreek nie.*

114 My Adventiste—broer, kyk Daarna. Paulus het, hier, gesê. En Paulus het gesê, in Galásiërs 1:8, as julle die Skrifte aanteken, Galásiërs 1:8: "As 'n Engel uit die Hemel kom en enige ander evangelie verkondig behalwe Dit wat ek verkondig het, laat hom vervloek wees." Paulus het gesê: "As Jesus aan hulle 'n Rusdag wou gee. . . "

115 Kyk, toe Hy van die berg af gekom het. Hy het toe afgekom. Hy het die Duiwel baasgeraak. Hy was gesalf, gereed vir Sy bediening. Hy het gesê: "Julle het hulle hoor sê, hulle van die ou tye: 'Jy mag nie doodslaan nie,' maar Ek sê vir julle wie ook al kwaad is vir sy broer, sonder 'n rede, het alreeds doodgemaak. Julle het hulle hoor sê, hulle van die ou tye" vandag, die sabbatonderhouers: "Julle het hulle hoor sê, destyds in die ou tye, onder die wet: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie; moes op heterdaad wees, om skuldig te wees.' Maar Ek sê vir julle, dat wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." Anders! Het reg by daardie vierde gebod verbygegaan. Maar het Hy hulle Rus gegee?

116 Laat ons kyk wat hy gesê het. "Dawid het gesê: 'na so 'n lang tyd,' sal daar 'n volmaakte Rus kom. 'God het van Sy werke gerus, op die sewende dag.' God het die sabbatdag geseën, en dit aan die Jode gegee in die wildernis, op hierdie wyse. Hulle het ingegaan. . .in vanweë ongeloof, omdat die Woord nie met geloof verenig was nie. En weer, Hy het 'n sekere dag bepaal, gesê in Dawid: 'na so 'n lang tyd.'"

Honderde jare na Dawid dood is, sou die Seun van Dawid opstaan, wat Jesus is: "En as hulle My Stem sal hoor, verhard julle hart nie." God gaan tot die hart spreek.

117 Nou let op, vir die 9de vers nou, aan julle wat lees. "Jesus sou hulle rus gegee het," die 8ste vers: "Hy sou. . . van 'n ander dag gepraat het."

118 As daar 'n sabbat moes wees, as daar 'n Sondagonderhouding moes wees, dan sou Hy daarvan gepraat het. As Hy gesê het: "Nou is daar nie meer sabbat nie, nie meer onderhou van die sewende dag nie, wat Ek wil hê julle moet onderhou, is Sondag," sou Hy dit gesê het. Paulus het gesê Hy het. Hy sou gesê het: "Aanbid julle almal op Sondag. Dit sal die rus wees." Wel, as hy wou gehad het hulle moet die sabbat onderhou, sou hy gesê het: "Gaan net voort om die sewende dag te onderhou. Maar nou wil ek hê julle moet die Sondag onderhou, die agtste dag." Nee. Hy het dit nooit gesê nie.

119 Hy het gesê: "As Jesus hulle 'n dag wou gee, sou Hy nie daarvan gepraat het nie?"

120 Nou die 9de vers. Maak gereed.

> *Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God, 'n* sabbatsonderhouding *vir die volk van God,*

> *Want wie in sy*(Christus se) *rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van Syne,* op die sabbat.

121 Sien julle dit? Nou laat ons 'n paar Skrifte neem om dit te ondersteun. Goed. Toe God die wêreld in ses dae gemaak het, het Hy gerus op die sewende dag, en nooit meer gewerk nie. Geseënd sy die Naam van die Here. Hy het die wêreld gebou, die skepping daarop geplaas, en het gaan rus; en nooit weer teruggekom, om nog meer wêreld te bou nie. Hy het die werke klaargemaak, en het gaan rus. Nou, op. . .Toe, na daardie duisend jaar, toe het sonde ingekom; toe is Christus voorgestel, is die Lam voorgestel. Nou die Jode is dit gegee as 'n tipe van die sewende-dag Rus.

> Nou, *hy* het 'n ander *dag* bepaal, *gesê in Dawid,. . .soveel later, daar* kom 'n ander rus.

122 Nou wat is daardie Rus? Blaai saam met my na Matthéüs, die 11de hoofstuk, en die laaste deel van die 11de hoofstuk van Matthéüs. Dis toe Jesus Sy prediking geëindig het op die berg, en julle sal sien wat Hy gesê het.

123 Hy het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk, haar begeer, het alreeds egbreuk gepleeg met haar in sy hart. Wie ook al kwaad word vir sy broer, sonder 'n rede, het die broer doodgemaak." Al hierdie dinge, en Hy het nooit aan daardie vierde gebod, daardie sabbat, geraak nie.

124 Nou maak Hy klaar. En die Sabbat is die groot Belofte van God. Dis 'n Rus. Nou, nou let hier op, toe Hy klaar die saligsprekinge klaargemaak het. Hier sê Hy, 27ste vers van die 11de hoofstuk van Matthéüs. Waar, Hy het die saligsprekinge geleer in die 5de hoofstuk.

> *Alles is* in my hand *aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader;. . .*

Sien, jy kan nie een ken sonder om die ander te ken nie, want Hy was die Vader gemanifesteer in vlees.

> *. . .ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun,. . .*

125 Lyk asof mense Dit sou kon sien en nie argumenteer nie. Sekerlik, God is nie drie Mense nie. As Hy drie Gode is, dan is ons heidene. Watter een is God? Hulle is, al drie, een God, is drie ampte van dieselfde God. Hy was die Vader in die vorm van die Heilige Gees, in daardie Vuurkolom in die woestyn. Hy was die Seun, toe Hy die Seunskap-amp gebruik het. "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; Ek sal weggaan. Ek sal weer kom en met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld." Sien? Hy's die Vaderskap, die Seunskap, en die Heilige Gees ook. Dis alles dieselfde God wat in drie verskillende ampte werksaam is: Vaderskap, Seunskap, Heilige Gees. Nooit. . .

Een Johannes 5:7 het gesê: "Daar is drie wat getuig in die Hemel: Vader, Seun, Heilige Gees. Hierdie drie is Een."

126 Thomas het vir Hom gesê: "Here, toon ons die Vader. Dit sal hom tevrede stel."

127 Hy het gesê: "Ek was so lank by julle, en julle ken My nie?" Het gesê: "Wanneer julle My sien, het julle die Vader gesien. En waarom sê: 'Toon ons die Vader'?"

128 Nou, die Eenheid het dit geneem, die eenheidsgroep mense, en probeer Vader, Seun, en Heilige Gees, net een amp en een plek maak, en soos jou vinger, een. Dis verkeerd. God kon nie. . .Jesus kon nie Sy eie vader gewees het nie. As Hy was, dan was Hy 'n. . .Wel, hoe kon Hy Sy eie vader gewees het?

129 En as God 'n man is, geskei van die Heilige Gees, het Hy twee vaders gehad. Want die Bybel het gesê, dat: "Die Heilige Gees het Maria oorskadu en sy het swanger geraak, en," het die Bybel gesê, in Matthéüs 1:18, dat: "dit waarmee sy swanger is, is van die Heilige Gees." Wie is dan Sy vader, die Heilige Gees of God? Beide, dieselfde Gees, of Hy het 'n buite-egtelike geboorte gehad deur twee geeste.

Dis ’n Katolieke leerstelling, en dit was nooit ’n Bybel-leerstelling nie. Martin Luther het dit uitgebring, saam met ’n klomp ander Katolisisme wat in die Lutherse kerk is. Wesley het opgevolg daarmee. En dit gaan steeds voort, maar dis ’n fout. Dis nie die Waarheid nie. Nooit was dit nie, nooit was dit ’n Bybel-Doktriene nie. Nooit was dit ’n gebod in die Bybel om drie Gode te verkondig nie.

Daar is een God. Jesus het gesê: “Luister julle, O Israel, Ek is die Here julle God, een God,” nie drie Gode nie.

130 In Afrika doop hulle een keer vir die Vader, een keer vir die Seun, en een keer vir die Heilige Gees. En dan kom die arme Jood aan, sê: “Watter een van hulle is julle God? Watter een is, die Vader, Seun, of Heilige Gees?” Hulle is, al drie, Een. Die Bybel het gesê hulle was Een.

131 Jesus was ’n huis waarin God gelewe het. Die Bybel het gesê dat, dat, Een Timóthéüs 3:16: “Sonder teenspraak,” dis: “argument, groot is die verborgenheid van die godsaligheid. Want God is gemanifesteer in die vlees, gesien deur Engele, ontvang op . . . is verkondig, aan geglo, en ontvang bo in Heerlikheid.” God is. Die Bybel het gesê: “Sy Naam sal genoem word *Emmanuel*, wat, as dit vertaal word: ‘God met ons.’” Die Bybel het gesê, dat: “Jesus, in Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon.”

132 Soos ons dit nou die aand gehad het: God was, in die begin, Gees. En toe, vanuit God, het uitgegaan die Logos, of die teofanie, wat ’n vorm van ’n mens was, genoem die Seun van God, voorafgeskadu. Hy het op aarde gekom, in ’n liggaam van vlees, selfs voor Hy in Jesus Christus gekom het. Sluk nou daardie een eenmaal, broer. Ek sal dit vir julle bewys.

133 Toe, toe Moses Hom gesien het. Hy het gesê: “Laat my U vorm sien, Here.” En God het hom in die rots laat wegkruip. En toe Hy verbygegaan het, het hy gesê: “Dit was die agterkant van ’n man.” Dit was daardie teofanie. Dis presies.

Toe, moes daardie teofanie vlees gemaak word. Nie ’n ander Persoon nie, maar dieselfde Persoon moes vlees word, om die angel uit die dood te haal.

Soos ’n by wanneer hy steek, laat dit die angel agter. En hy het dit nooit verlaat . . . Hy kon ’n angel in menslike vlees plaas omdat dit sonde is. Maar, broer, toe hy daardie Emmanuel se vlees gesteek het, het hy sy angel verloor. Ja, meneer. Hy kan gons maar hy het geen angel meer nie.

134 Geen wonder nie, Paulus, toe hulle sy kop gaan afkap, het gesê: “O dood, waar is jou angel? Jy kan gons en zoem soveel as wat jy wil. Graf, waar is jou oorwinning? Maar dank sy God wat ons die oorwinning gee deur Jesus Christus.” Daar het jy dit.

Dit het God Self geneem om dit te doen. Hy het gekom en is gemanifesteer in die vlees. Hy het teruggegaan in die Gees.

135 Julle sê: "Broer Branham, jy het ons nooit vertel, nog nie, wanneer God vlees gemaak is voor Hy in Christus gekom het nie."

Toe Abraham onder sy tent gesit het, eendag, het daar twee Engele van God gekom, na hom toe geloop, in menslike vlees. Hulle het stof op hulle klere gehad en was moeg, en hulle het gaan sit. En Abraham het uitgegaan en die kalf van die koei af weggeneem, en dit doodgemaak. En het 'n paar lamkotelette gemaak. Het uitgegaan en gekry...het Sara 'n bietjie mieliemeel laat neem en dit deursif, en 'n paar plaatkoeke maak. En het 'n bietjie botter van die koei geneem, en het 'n bietjie karringmelk gekry. En het dit daarheen geneem en dit neergesit, en God het dit geëet.

136 Hallaluja! Dis waarom: "My geloof kyk op na U, U Lam van Gólgota."

137 Julle dink dis 'n groot ding vir God? God, Wat al die kalium en kalsium en alles in die wêreld gemaak het, Hy het neergedaal om Abraham te besoek. Hy het gesê: "Dink jy Ek sal dit van jou weerhou, siende dat jy die erfgenaam van die wêreld is?" Amen. "Ek sal dit nie van jou weerhou nie." God het net gekry 'n...

138 Ons is gemaak uit sestien elemente. Hy het net 'n bietjie kalium gekry, en 'n bietjie kalsium, bietjie petroleum, kosmiese lig, die "Whew!" "Stap daarin, Gabriël," 'n liggaam.

139 "Whew!" "Stap daarin, Alsem." Hy het daarin gestap.

Twee Engele, uit die Hemel!

140 God het gereik en 'n handvol daarvan gevat: "Whew!" het daarin gestap, Self. Neergedaal, en was honger. Geseënd! Wat daarvan, Adventiste-broers wat nie vleis wil eet nie? Ons gaan daarby kom, na 'n ruk. Almagtige God, Jehova, vind uit of daardie selfde Naam nie vertaal is dieselfde Een by die brandende bos nie! Halleluja!

En toe het Hy op die aarde gestaan, Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK, daardie selfde Een by die brandende bos." Dis reg. Elohim, kyk of dit nie dieselfde is nie. Hy was die Een wat by die brandende bos was.

141 Hy was die Een hier in die teenwoordigheid van Abraham, in 'n liggaam van vlees, wat die kalf eet, en die melk van die koei gedrink het, en die botter op die plaatkoeke eet. Geseënd sy die Heilige Naam van God! Het reg daar geloop en gesê: "Ek sal nie weggaan..."

En Hy het Sy rug gekeer gehad. Hy het gesê: "Abraham, Ek gaan jou besoek, en jy gaan daardie kind bring. Jy's nou

honderd jaar oud, en Sara is negentig." En Sara, in die tent, het gaan lag. Hy het gesê: "Wat het Sara laat lag?" Agter Hom, die tent tussen hulle.

142 Abraham het gesê: "Sara, het jy gelag?"

143 "Nee, ek het nooit nie."

144 Het gesê: "Ja, jy het." Watter soort telepatie is dit? Watter soort gedagtelesery was dit?

Hy doen vandag dieselfde. Hy is Jehova-jireh, Jehova-rapha, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy faal nooit.

145 Kyk na Hom. Daar staan Hy. Het net uitgestap en met Abraham gepraat; en het verdwyn, uit sy sig. En die groot aartsvader Abraham het gesê hy "het van aangesig tot aangesig gepraat met God, Elohim," dieselfde God. Het julle dit? Nie geen drie Mense nie, broer. Drie ampte van dieselfde Persoon!

146 In die begin was dieselfde, Hy was daardie groot Gees, Fontein waar al die trouheid, al die liefde, al die vrede. Alles wat suiwer was, was in hierdie Fontein. Dit begin 'n liggaam vorm, 'n teofanie, die soort liggaam waarheen ons gaan. Nie 'n verheerlikte liggaam nie, maar 'n engele-liggaam, soort van; het gestalte, vorm.

147 Elke keer as ek 'n boom sien, dink ek: "Daardie boom is die negatief. Daar is 'n positief êrens." Daardie boom is gemaak van iets anders af. 'n Intelligensie het dit gemaak. En al wat hierdie aarde doen, is om die Hemele te weerkaats. Die Bybel het so gesê. En as daar hier 'n boom is wat moet vergaan, is daar een in die Heerlikheid wat nie sal vergaan nie.

148 As ek 'n man sien, sien ek 'n lieflike jong paartjie, man en sy vrou, wat in die straat af loop, verliefdes saam. Wat reflekteer dit? Geseënd sy die Naam van die Here! Daar is een in die Hemel wat nooit sal vergaan nie. "As hierdie aardse tabernakel, vergaan, het ons een wat alreeds wag, die teofanie."

149 Dan kry jy die drie-eenheid: die groot Gees, wat woon in die Seun, Jesus; Jesus wat in die Kerk inwoon. "Op daardie dag, sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My, en Ek in julle." Alles wat God was, het Hy in Jesus ingegiet, alles wat Jesus was, het Hy in die Kerk ingegiet. Daar het julle dit. "Ek in die Vader, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My." Daar's 'n . . . Daar's die Liggaam.

150 Dis wat die probleem met die kerk is. Hulle is klein ou kleinlike, verwyfde, ou-vrou doktriene van een of ander aard geleer, gaan rond en hou sopkombuise en kaartpartytjies. Geen wonder ons het 'n klomp chaos wat ons het nie. Ons het nie kinderprogramme en sopkombuisies nodig nie. Wat ons nodig het, is 'n stoere ou Evangelie, en manne van geloof met die swaard wat daar hang, en wat uitdaag. Wat ons vandag nodig het, nie een of ander kleinlike teologie en een of ander teorie

van een of ander mensgemaakte kliek nie. Ons het nodig dat die stoere Evangelie verkondig word in die Lig en die Krag en demonstrasie van die Heilige Gees.

151 Let nou hier op.

> Soos hy gesê het, *hy* het 'n ander *dag* bepaal, *deur Dawid spreek,* . . .
>
> . . . *as Jesus aan hulle rus* wou *gegee het, sou* . . . *nie van 'n ander dag daarna spreek nie.*
>
> Maar *daar bly* . . . *'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook* . . . *van sy werke soos God van syne.*

152 Nou waar gaan ons lees? Matthéüs, die twintig- . . . Die 11de hoofstuk, 27ste vers.

> *Alles* wat die Vader *aan My oorgegee het, is aan My oorgegee deur my Vader,* liewer; *en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader;* goed, *ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.*

153 Sien, dis nie hoeveel jy leer, hoeveel die—die biskop wil hê jy moet weet nie. Dis hoeveel God wil hê jy moet weet. As jy nie hierdie Openbaring kan sien nie, moenie die biskop vra nie. Vra God. Moenie jou pastoor vra nie. Vra God. "Die Seun openbaar Hom," *Hy*, persoonlike voornaamwoord.

154 Luister. Dit sal jou skok. Hier is die gebod. Paulus het gesê: "As Hy 'n ander dag wou laat, sou Hy daarvan gepraat het." Maar hier is wat Hy gesê het.

> *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle* sabbat, *rus gee.*
>
> *Neem my juk op julle, en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal* sabbat *vir julle* siel *vind.*
>
> *Want my juk is sag en my* laste *is lig.*

155 Let op wat Paulus gesê het.

> . . . *as Jesus aan hulle rus* wou *gegee het, sou Hy* . . . *van 'n ander dag* gespreek het.
>
> Maar *bepaal Hy* . . . *'n* . . . *dag,* spreek *deur Dawid* . . . *soveel later;* . . . *wanneer julle sy stem hoor, verhard julle* hart *nie.*
>
> "En daar bly . . . " Luister nou, 9de vers.
>
> *Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God.*
>
> *Want wie,* die man of vrou, *in sy rus ingegaan het* . . .

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is. Ek sal julle rus gee."

. . . het . . . *gerus van sy werke, soos God van syne.*

156 Jy mag twintig jaar oud gewees het. Jy mag dertig jaar oud gewees het. Jy mag vyftig jaar oud gewees het. Maar die oomblik dat jy die Stem van God hoor klop aan jou hart, verhard dit nie. Dan tree in . . . "Hy wat My Woorde hoor, glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende, Ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

157 "Sê my, Broer Branham, wat gebeur?" Jy kry die Heilige Gees. Christus kom in jou in. Is dit reg?

158 Blaai saam met my na Jesaja, die 28ste hoofstuk, en laat ons lees. Jesaja die 28ste hoofstuk, kyk wat die profeet daaroor gesê het. Matthéüs . . . 28, begin by die 8ste vers. Hier is die penarie van die laaste dae. Ons moet binne 'n oomblik afsluit.

Want al die tafels sal wees, *is vol walglike uitbraaksel . . . daar geen plek skoon is nie.*

159 Laat ek 'n oomblik stop, soos Ernie nou die aand gesê het. Hy het met iemand gepraat. Ernie Fandler, hierdie broer hier van Switserland, hy het gesê: "Ek het gestop en dit laat insink."

160 Ek wil hê dit moet insink.

. . . *daar geen plek skoon is nie.*

Want al die tafels sal vol *walglike uitbraaksel* wees . . .

En soos 'n *hond* na sy *braaksel* toe gaan . . . *en* 'n *sog . . . na haar* rolplek, so keer die mense terug.

161 Wat is die probleem met julle Metodiste? Julle het altyd die Lig gehad. Wat het gebeur? God het Dit uit julle hand uitgeneem en Hy gee Dit aan die Nasaréners.

Wat het met julle Nasaréners gebeur? Julle het eenmaal die Lig gehad. God het Dit uit julle hande uitgeneem en gee Dit aan die Pinsters. Korrek. Julle kerk van God en die res van julle heiligheidsmense, omdat julle die Lig verwerp het, het julle julleself gedenomineer en gesê: "Ons sal nie enigsins meer as *dit* glo nie," God het net voortbeweeg en julle gewys Hy het mense gehad wat Hom sou volg.

162 Wat het met julle Pinksters gebeur? Julle het die Lig gehad. God het Dit van julle af weggeneem.

Die Vuurkolom beweeg voort. Elke keer wat die Vuurkolom beweeg het, het die Kerk Daarmee saam beweeg.

En toe Luther georganiseer het, uit die Katolieke kerk uit, sy eie kerk, het die Vuurkolom beweeg en Wesley het Daarmee saamgegaan.

Wesley het georganiseer en sy denominasie gemaak, en die Vuurkolom het beweeg en die Nasaréners het Daarmee saamgegaan.

Die Nasaréners het georganiseer, en die kerk van God het Daarmee saamgegaan; en het gesê hulle was nie 'n denominasie nie, maar hulle was.

163 Wat het toe gebeur? Die volgende wat gebeur het, die Pinksters het die Vuur gesien, en hulle het weggegaan. En wat het julle gedoen? Het 'n leerstelling gemaak uit spreek in tale, en dit georganiseer. "Almal moes in tale spreek voor hulle die Heilige Gees gekry het," toe het God net wegbeweeg en julle laat bly sit waar julle is.

164 Wat het met julle Eenheid gebeur? Julle het doop, Jesus se Naam, gevind, julle het 'n leerstelling daaruit gemaak, en julleself van die res Daarvan afgeskei, en God het net wegbeweeg en julle daar laat bly sit. Reg.

165 Wat het met julle Gemeente van God gebeur, ou Algemene Raad? Julle het 'n organisasie uit julle s'n gemaak, en God het net wegbeweeg en julle laat bly sit. En nou is julle niks anders as 'n koue, formele klomp soos die res van hulle is nie.

En die Vuurkolom beweeg voort. Halleluja!

. . . al die tafels is vol walglike uitbraaksel . . .

166 Kyk na die Here se Nagmaal. Wel, hulle het selfs 'n plek waar hulle ou gewone brood neem. En die brood is veronderstel om van ongesuurde brood gemaak te word. En hulle deel dit uit aan sondaars, sigaretrokers, prostitute, hoere, solank hulle hulle name op die boek het.

167 En julle Baptiste noem dit selfs "geslote" nagmaal. Nou, julle Baptiste kraai 'n bietjie, God sal julle horing afvat. Dis presies reg, julle sal nie in staat wees om dit te blaas nie. "Geslote" nagmaal, julle skei julleself af, is skynbaar heiliger as wat u is.

Onthou, dit is 'n Baptiste tabernakel. Dis wat jy kry, as jy joune organiseer. "O," sê julle: "ons is nie 'n organisasie nie." Ja, julle is. Sekerlik, is julle. Julle sê: "Ons is 'n gemeenskap." Ja, vir enigeen wat by die deur inkom en onderrig op die wyse wat julle dit glo, is dit in orde. Maar, een, julle—julle sal hom nie uitgooi nie, maar julle sal hom uit julle broederskap ekskommuniseer. Dis presies reg. O, julle het 'n manier om dit te doen. So het God 'n manier om dit te doen. Maar God se Kerk sal voortbeweeg. Die Vuurkolom sal dit nie verdra nie.

. . . al die tafels is vol walglike uitbraaksel . . .

168 Nou luister. Nou dit gaan julle net vir 'n oomblik skok. Luister. Ek sal die Woord lees. Wie was hierdie? Die profeet, Jesaja.

. . . al die tafels is vol walglike uitbraaksel . . . sodat daar geen plek skoon is nie, net hond-vreet-hond.

169 Kom na die kerk toe: vroue kap, sny hulle hare kort af, dra kortbroek, kom uit en sien die mans straat-af kom; sny gras op die werf, klein meisietjies wil iemand daardie bulhond— of wolffluit hoor gee, wat dit ook al is, julle weet: "Wheet-wieoo!" O, julle dink julle is oulik, nê?

170 Julle mans loop daar in die straat, met 'n sigaar in julle mond, en is 'n diaken op die raad. Jy lyk soos 'n onthoringde Texas-os. En dan dink jy dat jy iemand is. Dis presies reg. Geen wonder alle tafels . . . Stap nader en neem die nagmaal, en tree op asof julle iemand is, en verneuk en steel en lieg, deur die week. Wat is die probleem met julle?

. . . al die tafels is vol walglike uitbraaksel . . .

171 "O, ek neem die Here se Nagmaal. Sekerlik, ons doen dit in ons kerk. Jesus het gesê Hy sal ons opwek in die laaste dae as ons die Here se Nagmaal gebruik."

172 Maar: "Hy wat eet en drink op onwaardige wyse, eet en drink 'n oordeel oor homself, onderskei nie die Here se Liggaam nie. Om hierdie rede is baie siek en swak onder julle, en is baie dood," ou, dooie, formele kerke. Die Gees van God het uit julle uitgegaan. Die Vuurkolom is daar nie meer nie. Julle ontken Goddelike genesing. Julle ontken die opstanding.

173 "O," sê julle: "o, Hy het uit die dood opgestaan, histories." Wel, wat daarvan dat Hy vandag dieselfde is, as Hy uit die dood opgstaan het? Julle sê: "O, dit is nie so nie." Nou, daar het julle dit. Julle het die opstanding soos julle dit wil hê, en God het dit soos Hy dit wil hê.

174 Maar, die punt is dit, die Bybel het gesê, wat ons weet die Waarheid is, dat Hy die Woord sou bevestig. "En hierdie dinge wat Ek doen, sal julle dieselfde doen. En Ek sal altyd met julle wees, tot die einde van die wêreld." "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dis wat die Woord gesê het.

175 Nou wat is die sabbat?

. . . al die tafels is vol walglike utibraaksel . . . geen plek skoon nie. Vir wie wil hy . . . kennis leer?

Nie wêreldse kennis nie; geestelike kennis!

Wie *wil hy kennis leer. . . . wie wil Hy die openbaring verstaanbaar maak?*

176 "O, geseënd sy God, ons organisasie glo Dit nie. Hulle sal hulle nie Daarmee ophou nie." . . . gee nie om wat jou organisasie glo nie. Wat sê God se Woord daaroor? "O, wel, ons pastore, jy weet, is geleerd." O, beslis. Sekerlik, het soveel geleerdheid, hulle het God uitgelaat daaruit. Waarlik, want jy

kan vir hulle die Woord noem en hulle sal rondloop en sê: "Wel, ek glo Dit nie juis op daardie manier nie." O, jou verwyfde ding! Laat ek vir jou sê.

177 Kyk net hier.

> . . . *wie wil hy . . . openbaring,* bekend *maak? . . . dié wat van die* bors *gespeen is,* en . . . *dié wat van die melk gespeen is, wat van die moederborste weggeneem is*

178 Nou die dag, het 'n buurman van my gekom. Hy het gesê: "Billy, 'n sekere pastoor hier in die stad, die allerlieflikste klein persoon wat jy ooit gesien het . . ." Het gesê: "Ek en die vrou het gesit met ons nagklere aan, omtrent middernag, en daardie pastoortjie loop in en hy—hy—hy het bietjie koffie gedrink saam met ons en is voort daar na die ander buurman se huis en hy het met hulle hand geskud. Hulle het 'n bietjie kaart gespeel, en hy het gaan sit en kaart gespeel saam met hulle." Het gesê: "O, hy was die sosiaalste kêreltjie wat jy ooit gesien het." Gesê: "O, ons is lief vir hom. Ons sal vir niks van hom ontslae wil raak nie."

179 Ek het 'n bietjie daar gestaan, ek het gedink: "Wel?"

180 Het gesê: "O, dink jy nie dat elke kerk 'n man soos hierdie nodig het nie?" Huh! Ek kon dit nie antwoord nie. Hy het gesê: "Op 'n ander plekkie," gesê: "het hulle so 'n lieflike plek gehad. Hierdie prediker en sy vrou, lieflike mense, het gegaan en werk met die kinders soveel sodat hulle 'n—'n Bybelskool gehad het." En het gesê: "Hulle het soveel gehad, het net die ding oorstroom met kindertjies." Het gesê: "Goeiste, hy kan allerhande soorte storietjies vir die kindertjies vertel."

181 Ek het gesê: "Dis mooi. Dis vreeslik mooi."

182 Ek het teruggegaan. Ek het pas van Kanada af gekom. Ek het gedink: "Hier is ek. Goeiste! Mense . . . Wat is fout met my? Ek doen nie dit nie." Ek het my motor gaan was. Ek het gedink: "God, ek word 'n ou man, en hier is ek. Ek het geveg. Ek het geskree. Ek het gesmeek. En al ding wat ek kry is 'n groot godslastering."

183 Engiets, laat iemand iets slegs oor jou sê: "O, die ou holy-roller," so-iets.

184 Ek het daaroor gedink. En 'n Stem het na my gekom, gesê: "Daardie mense is in orde as hulle dit doen, maar Ek het jou nooit geroep om dit te doen nie. Ek het jou geroep om die Swaard te vat en daar te staan soos Josua en uit te daag, broer. Nie met een of ander ou vereniging of een of ander kerkorganisasie op te hou nie, maar die Duiwel uit te daag. Staan aan die voorkant, maak reg reg, en verkeerd verkeerd. Verkondig die Woord en vind uit wie het die geloof om Dit te glo. Sit haar daar uiteen."

185 Ek het begin gouer maak met daardie motor, heeltyd, gewas. Ek het gesê: "Dankie, Here. Dankie, Here." Het toe goed gevoel. "Dis in orde, Here, ek sal haar 'n bietjie vaster vat, en ek wil met Dit in my hand sterf."

. . . wie kan Ek *openbaring* bekend *maak?* (Luister.)

. . . *tafels is vol walglike uitbraaksel* . . .

. . . *dié wat van die melk gespeen is, wat van die moederborste weggeneem is.*

Let nou op.

Want gebod soos die *op—op gebod, gebod op gebod,* . . . *reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.*

Ja, Hy sal deur lippe wat hakkel, en deur ander tale *met hierdie volk spreek.*

Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus, gee rus aan die vermoeides, . . . *dit is die* verkwikkings. *Maar hulle wou nie luister nie.*

Daarom is *die Woord van die HERE vir hulle,* iemand het Dit verkondig, *gebod op gebod,* . . . *op gebod, reël op reël,* . . . *op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en verbreek en verstrik raak en gevang word.*

186 Wat is die Rus? Wanneer het die Rus gekom? Toe mense gespreek het met vreemde tale en lippe wat hakkel gehad het. Lippe wat hakkel; hulle het niks gepraat nie. Hulle het gehakkel. Wanneer het dit gebeur? Op die Pinksterdag, toe die Heilige Gees gekom het. Dit is die Rus; die Heilige Gees. Jesus het gesê: "Kom na My toe, julle almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle Rus gee. Ek sal julle Lewe, Ewige Lewe, gee," *Zoe*, God se eie Lewe. God sal in jou inkom en deel van jou wees. Hy sal jou 'n geboorte gee en jou 'n seun en dogter maak.

187 Nou let op. Dit was die derde rus wat Hy gee. Die eerste: God het dit ontvang, van Sy werk. Tweede: Israel het dit ontvang, in die wet. Derde: die Kerk het Dit ontvang, as 'n deel van God.

188 Drie is die getal van lewe. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Elke keer wat jy drie sien, is dit lewe. Let op, toe God die aarde geskape het, op die derde dag was lewe. Hoeveel weet dit? ["Amen."] Die derde dag. Daar het lewe gekom op die derde dag van skepping.

Die drie-eenheid: die Vader was bo die mense, in 'n Vuurkolom; die Seun was 'n Mens, wat met mense gepraat het en hulle gereed gemaak het; die Heilige Gees was die derde stap, wat die Heilige Gees was, God in die mense. Lewe! Vader, Seun, . . .

Die rus, van God; die rus, van Israel; en die Rus, van die Kerk, die sabbatsonderhouding.

189 So, as jy nooit die Heilige Gees ontvang het nie, nog nie, het jy nooit in God se Rus ingegaan nie. Jy hoef nie te sê: "O, ek sou nie kon nie. Ek wil rook. Ek—ek sou dit net nie kon doen nie, ek is 'n Christen. Ek wil werklik nie drink nie, maar ek is 'n Christen. Ek kan net nie, wil net nie drink nie, maar tog hou ek daarvan."

190 As jy vroue begeer, as jy al hierdie ongoddelike dinge doen, het jy nog nie by daardie Rus-periode uitgekom nie. Jy het nooit in jou Rus ingegaan nie.

191 En wanneer jy in hierdie Rus ingaan, hou jy op met jou eie wêreldse werke, soos God met Syne gemaak het. Waarom? Jy's 'n deel van God. Jy rus, Ewiglik. Daar het jy dit. Dis die Sabbat. "Kom na My toe, julle almal wat vermoeid is."

> Vandag, *het hy 'n sekere dag* vasgestel, . . . *na so 'n lang tyd,* in Dawid, . . . wanneer julle *sy stem hoor, verhard julle harte nie.*

192 Nou net 'n woord of twee hier, ons sal afsluit.

> *Want hy wat in* Christus se *rus ingegaan het,* . . .
>
> Kom na my toe, julle *almal wat vermoeid en belas is* . . .
>
> . . . het julle *gerus van* julle *eie werke, soos God het van syne,* op die sewende dag.

Joune mag gewees het in die dertigste jaar, die veertigste jaar, die vyfde jaar, wat dit ook al is. Jy het gerus van jou eie werke, soos God van Syne het, Ewiglik. Jy wil nie meer die dinge van die wêreld hê nie. Die wêreld is vir jou dood.

193 Nou, 11de vers nou, met aandag.

> *Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus,* (nie *hierdie* een nie, nie *hierdie* een nie, maar *Hierdie* een), *sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.*

194 Wat is dit? Die Vuurkolom is hier. Die Engel van die Here is met ons. Hy doen die einste dinge wat Hy gesê het Hy sou doen. En mense struikel rond, sê: "O, wel, ek skat Dis in orde. Dis regtig goed. O, ek skat Dis reg." Wees versigtig dat jy nie in dieselfde strik van ongeloof verval nie. Neem julle Dit met julle hele hart.

195 Kyk.

> *Want die Woord van God* (nie die leerstelling van die kerk nie) . . . *die Woord van God is* vinniger, meer *kragtig* . . . *skerper as enige tweesnydende swaard,* (luister) . . . deursteek *selfs* . . . *dring deur die skeiding van siel,* die *gees die gewrigte en murg, en* . . . (luister), *en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.*

Wat was dit? Die Heilige Gees kan kom en sê: "Jy het 'n *sekere—sekere* ding gedoen. En jy het *dit* gedoen en *dat* gedoen. Jy het *hierdie* soort siekte, en *daardie*. As jy *dit* sal regmaak, sal jy *dat* doen." Sien? Onderskeier van die gedagtes.

196 En mense sê: "Wat is dit? Wel, dis verstandstelepatie. Wel, dis 'n. . .Hy's 'n fortuinverteller." Sien wat ek bedoel? Dis 'n bose, ou ontugtige wêreld wat God nie ken nie.

197 "Dis lewendiger, meer gedagtig, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, en 'n onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge van die hart."

Nou, wat is dit wat die oorlegginge van die hart ken? God. Julle het gesê: "Wel, die Bybel het gesê: 'Die Woord van God.'" Die Woord van God is God.

> *In die begin was die Woord,. . .die Woord was by God, en die Woord was God.*
>
> *En die Woord het vlees geword, en onder ons kom woon,. . .*

198 God onderskei die gedagtes. Abraham het sy rug gekeer gehad en—en so het God Sy rug gekeer gehad op die tent. En Sara het gelag. En God het omgedraai, gesê: "Wat het Sara laat lag?" 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart! Ek wil hê dit moet bietjie insink.

199 Dan wanneer daardie soort bediening opstaan, wat God beloof het in die laaste dag, wat het gebeur? "Verstandstelepatie."

200 Het hulle nie die Here, Self: "Beëlsebub," genoem nie? Hy het gesê: "As hulle die Heer van die huis 'Beëlsebub' genoem het, hoeveel te meer sal hulle Sy dissipels nie noem nie?"

201 Ek het julle lief. Dit wys dat julle geïnteresseerd genoeg is, julle hoef nie na 'n lugversorgde gebou te kom om na die Evangelie te luister nie. Julle is honger genoeg om na 'n plek soos hierdie te kom. God wou ons nooit laat bou behalwe dit nie. Ons hou so daarvan. Net 'n ou hutjie, maar dis hoe ons daarvan hou. God woon nie in glans nie. God woon in nederigheid. Ons hou daarvan so. Ons is bly om te kan kom, en julle is ook, om te sit in 'n—'n plek soos hierdie. Maak nie saak hoe warm dit is, hoeveel jy sweet op jou nuwe pak, jou nuwe rok nie, dit maak geen verskil nie.

Julle luister na Ewige Lewe, na die Woord van God wat die gedagtes van julle hart ken. Die Vuurkolom wat oor die kinders van Israel gehang het, hang vanaand hier. Ek sou dit kon uitdaag: daar is nie 'n mens wat hier sou kon staan onder die krag van die Heilige Gees sonder dat God hom net verklik en hom vertel wat hy was nie. Dis reg. Daar het julle dit.

202 Wat is Dit? Wat is Dit? Dis dieselfde Gees wat die Kinders van Israel na hulle rus toe gelei het, en hulle het geval vanweë ongeloof. Julle moenie val nie. Hierdie is die laaste kans. Vader, Seun, en Heilige Gees, Lewe kom daardeur.

203 Regverdigmaking, Martin Luther, steeds 'n vorm van godsdiens. Heiligmaking . . . Martin Luther; John Wesley; die doop van die Heilige Gees, Lewe. Regverdigmaking, is om te glo; heiligmaking, is die reiniging; Heilige Gees, is die vervulling, Lewe. Nie deur die Lutherse tydperk nie; hulle het Dit in 'n vorm gehad. Nie deur die Wesley-tydperk nie; hulle het Dit in 'n vorm gehad. Maar hierdie is die tydperk wanneer die Heilige Gees, Self, kom.

204 En as jy Dit nie ontvang het nie, hoe gaan jy, kan jy wonderwerke glo? Dit vereis God in jou, om te glo. Jy tree op soos God. Jy ken soos God. Jy dink soos God. Die Bybel het gesê dat julle amateur, klein "godjies" is. Jesus het so gesê. Want, julle is 'n deel van God.

Net soos wat ek 'n klein Branham is, en jy 'n wat jy ook al is, is, en omdat jou ouers van daardie naam is. Die aard wat jy is, is omdat jou ouers so is, omdat jy uit hulle gebore is.

En waarom julle God glo, en in wonderwerke glo, en tekens en wonders, omdat julle seuns en dogters van God is. Julle ontvang Lewe. Lewe kom op die derde. Goed.

205 Toe Jesus op die berg opgegaan het, oral waar Hy gegaan het, het Hy Petrus, Jakobus, en Johannes geneem, drie getuies. Drie is die getal van Lewe. Het julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Liefde, vreugde, vrede.

206 Nou, laat ons gou na die einde van die hoofstuk gaan, gou, soos ons lees.

> *Want die Woord van God is* lewender, meer *kragtig* . . . as *tweesnydende swaard* . . . en onderskei selfs *die oorlegginge van die hart.*
>
> *En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.*

207 Broer, daar's nie 'n vlieg wat daar op 'n paal kan kom sit, sonder dat Hy dit weet nie. "Alles is oop en bloot." Broer, Hy weet van elke ding wat jy ooit gedoen het, elke gedagte waaraan jy ooit gedink het. Dis wat Hy is. Ons glo Hy is so.

En wanneer God in ons inkom, en ons in die Kerk plaas, sit Hy gawes en dinge in die Kerk, om Sy Wese te opereer. As God daardie oneindige God is, dan genees Hy die siekes. Hy kan die dooies opwek. Hy kan die melaatses reinig, die blindes laat sien. Hy kan visioene gee. Hy kan allerhande soorte van hierdie dinge doen, deur Sy Kerk werk, omdat dit God in jou is. Daar is die Kerk.

208 Hoe word daardie kerk 'n Kerk, deur Daarby aan te sluit? Nee, meneer. Deur hande te skud? Nee, meneer. Deur waterdoop? Nee, meneer. Deur lidmaatskap? Nee, meneer. Hoe kry jy Dit? "Want deur een Gees word ons almal tot een Liggaam gedoop." Daar het jy dit.

209 Romeine 8:1.

Daar is dan nou geen veroordeling . . .

"Geen wêreldse veroordeling nie." Hulle kan jou van niks beskuldig nie.

Daar is . . . geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, . . . wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

210 Daar het jy dit. Dis hoe jou Christelikheid beoordeel moet word. Dis hoe om te weet jy het in daardie Rus ingegaan, die wêreld pla jou nie meer nie. Sekerlik. Jy sien dit, stap weg daarvan af. Jy het iets beters om aan te dink. Daar het julle dit. "Geen veroordeling nie." Dis hoe ons in die Liggaam inkom.

211 En jy's beveilig: "Ewiglik." Die Bybel het so gesê. Kyk hier in die Hebreërs, die 10de hoofstuk. Hy het gesê:

maar waar daar offers van bulle en offerhande is, *is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes;*

want deur een offer het Hy . . .

Geseënd sy Sy heilige Naam!

Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak . . .

212 Halleluja! Nie vir die volgende herlewing nie, maar *ewiglik*. "Ou dinge het verbygegaan; en alle dinge het nuut geword." Ons wandel in die Lig, die pragtige Lig. Die voëls sing anders.

213 Hier gesit, gekyk na hierdie klein alkoholis, omtrent vyf jaar gelede, skat ek. Rosella, beskonke, loop daar in die strate van Chicago, dronk, verwronge, loop elke soort sonde wat daar was tegemoet, dronk en betrokke in alles waarin sy kon wees. En een aand, het die Heilige Gees, wat meer lewend en kragtiger is as 'n tweesnydende swaard, gesê: "Vrou, jy is 'n alkoholis." Halleluja! As dit nie dieselfde God is wat destyds was, wat geweet het Sara het agter Hom gelag nie, weet ek nie wat Hy is nie.

214 Daar in die gehoor vir 'n ander vroutjie. Sy het gaan haal, en daar ingebring. Gesê: "Jy is 'n dwelmverslaafde." Hoe onderskei Hy nie die gedagtes van die gemoed nie!

215 En yslike groot aristokratiese predikers sit daar, wat wêreldwye evangelisme gehad het, met hulle hande teruggevou, in T—hemde, gedink ons ken hulle nie, asof hulle onder 'n byeenkoms soos dit sou kon sit en God sou nie openbaar wie hulle was nie. Daar gesit, anders gelyk, asof hulle iemand anders was. Die Heilige Gees het geweet wie

hulle was. En hulle het daar gesit, in hulle harte, gedink Dit was verstandstelepatie. Weet nie meer van God af as wat 'n Hottentot van Egiptiese nag as sou weet nie. Dis reg. Hulle ken Dit in die letter, maar nie in die Gees nie. "Die letter maak dood, maar die Gees gee Lewe." Dit is dit. Dis die gedagte. "Lewender, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, 'n onderskeier van die gedagtes van die hart."

216 Luister. Let op.

> *En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.*
>
> *Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het . . .* (Luister nou; vir die siekes) . . . *wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.*

217 "Vashou," dit beteken nie net bly getuig nie. As jy nie die lewe lei nie, hou jy dit nie vas nie; jy lewe 'n skynheilige ding. Jy's . . . Jy moet liewer uitkom en sommer sê jy's 'n sondaar en daarvan vergeet. Moenie bely om 'n Christen te wees, iets anders uitleef nie: jy's die grootste struikelblok wat die wêreld ooit gehad het. As jy 'n sondaar is, erken dit en, gaan voort, maak reg met God. As jy 'n Christen is, hou vas jou belydenis, bly daar.

218 Let nou hierna op. Ek wil dit inkry net voor ons weggaan.

> *Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is . . . soos ons, maar sonder sonde.*

Luister.

> *Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.*

Geseënd sy die Naam van God!

219 Luister, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan. Julle gaan my hierdie vraag vra: "Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken." Ek weet. Dis waarheen julle altyd gaan. Dis waar. "Wat meer kan 'n mens doen as God te glo?" Dis presies reg. Dis al wat hy kan doen. Maar wanneer God daardie geloof herken, gee Hy jou die Heilige Gees.

220 "Nou wat moet ek doen, Broer Branham? Moet ek uitroep?" Nie noodwendig nie. "Spreek ek in tale?" Nie noodwendig nie. Jy kan uitroep en in tale spreek, albei, en steeds soos 'n—soos 'n heiden leef, en steeds vroue begeer. Jy kan steeds rook en drink, en wat nog. Ek het mense in tale sien spreek en gaan en sommige van die vuilste, onderduimste transaksies aangaan, wat ek ooit gesien het. Ek het hulle sien uitroep en krokkediltrane huil, en

sou enigiets steel waarop jy die hand kon lê. Ek het hulle sien uitstap, en elke meisie gaan die straat af, draai om. Uh-huh. Dis een goeie teken jy het Dit nie. Dis reg.

221 Maar, broer, wanneer jy van die dood tot die Lewe oorgegaan het, raak al daardie dinge dood, en is jy 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. As jy iets verkeerds sien, sal jy daarvoor bid. "God, wees genadig." En as jy probleme sien, in plaas van te gaan babbel en dit erger te probeer maak, sal jy by die persoon probeer uitkom en dit regstel, en dit sommer gou stilmaak. Dis die Gees van God in jou.

222 As jy 'n fout begaan? Jy's onderhewig aan hulle. As jy 'n fout maak, sal jy dit sommer gou regstel. "Moenie dat die son oor jou toorn ondergaan nie." Dis hoe jy weet jy het van die dood tot die Lewe oorgegaan, jy het liefde, vrede, vreugde, lankmoedigheid, goedheid, sagtheid, geduld. Ons het die Hoëpriester wat in die Hemel sit, gereed om bemiddelings te maak op ons verklarings. Wat is dit? Dis toe Jesus teruggegaan het na die Logos, die Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, sit in die Teenwoordigheid van daardie grootstes, fontein, reënboog van Ligte wat uitkom, die sewe volmaakte Geeste, 'n volmaakte Gees van liefde.

223 Nou let op. Die eerste is die *volmaakte* liefde, dis God se liefde, suiwer en onvervals. Die volgende, kom daar in, is *phileo* liefde, die liefde wat jy vir jou vrou en jou kinders het, die volgende, sak daarna, is *begeerlike* liefde. Die volgende is *ongoddelike* liefde. En gaan net verder af tot dit *smerigheid* is, hou net aan verdraai, verdraai.

224 En alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde. En dit alles sal weggeneem word, en geen herinnering daarvan nie, glad nie, en kom reguit terug na die volmaakte, eendag. En die enigste manier. . .Jy kan nie hieronder stop, halfpad van die weg, en *hierbo* beland nie. Jy moet heelpad in wees, vertrou op, volkome rus in die verlossing wat Jesus Christus vir jou gee, deur geloof.

225 Daar's 'n Gees van eerlikheid wat van God kom. Dis die fontein, fontein van God. Dis eerlikheid. Die volgende is die man sal "'n goeie daad" vir sy naaste doen. Die volgende is die kêrel: "jy moet oppas vir hom." Die volgende is die kêrel: "is 'n dief." Die volgende is die kêrel: "is 'n moordenaar," roof. Sien hoe dit verdraai, reguit voort? Maar al daardie dinge spreek van 'n werklike.

226 Dis wat ek sê. Elke keer wat jy 'n persoon sien wat. . .Jy sien 'n paartjie in die straat afstap, verliefdes, miskien is hulle tagtig jaar oud. Dit spreek maar net daarvan dat in die Hemel daar 'n jong paar is wat hulle verteenwoordig, in die Hemel. "As hierdie aardse tabernakel afgebreek word, het ons Daar een."

227 As jy 'n mens sien wat verneuk, steel, lieg, onthou net, sy deel wag in die hel, vir hom, sy plek waar hy gefolter sal word in die Teenwoordigheid van God en die Heilige Engele, met vuur en swael. Hy sal daar gefolter word. Nie vir ewig nie, hy kan nie vir ewig gefolter word nie, vir ewig beteken nie alle, vir alle tye nie. Ewigheid is vir ewig, Ewigheid is . . . het geen begin of einde nie. Maar *vir ewig* is "'n tydsbestek." Die Bybel het gesê: "Vir ewig en," voegwoord: "vir ewig." Jona het gesê hy was "vir ewig" in die buik van die walvis. Is 'n tydsbestek.

228 Maar, kyk, daar's slegs een Ewige Lewe, en dis God. En as jy vir ewig gefolter gaan word, en nooit kan sterf nie, het jy Ewige Lewe. Jy kan nie vir ewig gefolter word nie . . . Jy mag vir 'n honderd miljoen jaar gefolter word, in die Teenwoordigheid van God en die heilige Engele, met vuur en swael. Ek weet nie hoe lank dit bestem is nie. Maar dit moet uiteindelik tot 'n einde kom omdat dit 'n begin gehad het. En God alleen het Ewige Lewe. "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het," het nie *vir ewig* lewe nie: "hy het Ewige Lewe." Daardie Lewe wat begin, nie niks *hierlangs* nie. Maar al die pad Daarbo, Ewige Lewe, *Zoe*, God se Eie Lewe daal neer en woon in die mens, en hy is Ewig by God, en kan nie sterf nie. Dis wat die Woord gesê het.

229 Dink net daaraan. Is daar twee Ewige Lewes? Jy sou dit nie kon antwoord nie, sou jy? Daar is een Ewige Lewe, en dis die Lewe van God. Hierdie ander soort lewe, maak nie saak wat dit is nie, dit het 'n einde daaraan. En enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde. Maar enigiets wat geen begin gehad het nie, het geen einde nie. En God het gesê Hy sou ons Ewige Lewe gee, sonder begin, ons is slegs 'n deel van Hom gemaak. En in werklikheid is die Lewe wat in ons is, nie hier gebring deur menslike natuur nie. Die natuur gee ons 'n gees, maar daardie gees het gesterf, en ons het die Gees van God. Glorie aan God!

230 Was God 'n mens? Sekerlik. "Laat ons die mens maak na ons eie gelykenis." Wat was God? 'n Teofanie, 'n liggaam. En daar is die mens so gemaak en oor die tuin gestel. Maar daar was geen mens om die grond te bewerk, in die sintuie nie. Toe het Hy die mens gemaak uit die stof van die aarde, in die dierlike lewe, en daardie mens het die grond bewerk. En die mens het geval, deur oortreding. Reg. En God, die teofanie, het neergedaal en het vlees geword en onder ons gewoon, om die mens te verlos.

231 So dis niks wat jy kan doen nie. Jy's 'n sondaar, om mee te begin. Jy's in ongeregtigheid gevorm. Jy's in sonde gebore, het na die aarde gekom, leuens verkondig. Jy is hier gebore in hierdie wêreld deur 'n seksuele begeerte van jou vader en moeder. En jy's maar so hel toe oppad as jy kan wees, ek gee nie om wat jy doen nie. Jy mag nooit lieg, steel nie: elke

gebod onderhou, en wat nog, en jy sal hel toe gaan, soos 'n swaeltjie na sy kis. Maar die enigste wyse wat jy ooit weer kan lewe, is om die Heilige Gees te aanvaar, God se Ewige Lewe.

232 Wat het jou gemaak wat jy is? In die begin, toe die Heilige Gees oor die aarde gesweef het, was daar niks behalwe vulkaniese uitbarsting nie. 'n Klein Paasblommetjie het opgekom. God het gesê: "Dit lyk mooi. Hou net aan met broei." Blomme het opgekom. Gras het opgekom. Bome het opgekom. Voëls het uit die stof gevlieg. Diere het opgekom. 'n Mens het opgekom.

233 Nou, hoe is dit gedoen? Deur die broei van die Heilige Gees, het hierdie materiale byeengebring, kalium, kalsium; maak blomme, maak dier, maak jou.

234 En nou, het jy 'n vrye keuse. God broei terug na jou, en sê: "Hoor jy My Stem? Verhard jou hart nie, soos in die dae van die verbittering nie." Hier daal Hy neer, verkondig die Woord.

"Die Evangelie wat aan hulle verkondig is was nie. . . het nie geloof Daarin gehad nie, so Dit was vir hulle van geen nut nie." Hulle het Dit gehoor, maar hulle het Dit nie geglo nie.

235 God het neergedaal. Hy het hulle 'n Vuurkolom getoon. Het deur Sy profete tekens en wonders getoon, Hy was met hom. Hulle het Dit nie geglo nie. O, hulle het daarvan gehou om die wonderwerke te sien. Hulle het daarvan gehou om die profeet te hoor. Maar wat Dit glo betref, het hulle nie. Hulle lewens het bewys hulle het nie.

236 "Nou," het Hy gesê: "julle moenie agter daardie selfde voorbeelde van ongeloof inval nie." Want in hierdie laaste dag, aan die Heidense kerk, het God weer verskyn; dieselfde teken, dieselfde wonder, dieselfde Vuurkolom, bevestig, bewys. Laat ons nie ons harte verhard en val in die versoeking destyds, van ongeloof nie, want ons sal op aarde verrot en dit sal maar al wees.

237 En wanneer die Heilige Gees aan jou hart klop: [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] "Na so 'n lang tyd, wanneer julle My Stem hoor, verhart julle harte nie." Sê: "My kind, dit is die Waarheid." Moenie na die boodskapper kyk nie. Luister na die Boodskap. Glo Dit. "Verhard nie jou hart, soos in die dae van die verbittering nie."

238 Wanneer hy "U Stem" hoor, verhard nie jou hart nie. Dan sê jy: "Ja, Here, ek glo." Dan gaan jy Lewe binne, die Heilige Gees kom in jou in. Jou ou gees sterf uit, wat jou laat begeer en haat, en kwaadwilligheid en nyd, en—en haat en al daardie dinge, sterf weg. En jy word vol liefde, vreugde, vrede, rus. Maak nie saak hoe die wind waai nie, dis in orde.

My anker hou my in die sluier,
Deur elke stormwind wat daar waai.
My anker hou my in die sluier.
Want Christus, vaste Rots, hou stand;
Elk' ander grond is drywend' sand.

239 Daar het julle dit. Eddie Pruitt, waar hy daardie beroemde lied geskryf het. "Elk ander grond," alle denominasies, alle gelowe, alle doktrienes, vervaag. Christus!

Jy sê: "Wel, ek ken die Bybel." Jy het nie Lewe, deur die Bybel te ken nie.

"Ek ken my kategismus." Jy het nie Lewe, deur jou kategismus te ken nie.

"Wel, ek's 'n Christen." Jy het nie Lewe, deur Christenskap te bely nie.

240 Jy het Lewe deur Hom te ken. Ken jy Hom, het jy Lewe. "Dan gaan jy Sy Rus binne. Jy staak met jou werke, soos God van Syne het." Jy word 'n Seun van God gemaak, 'n deelgenoot aan God. En as daardie—as daardie Heilige Gees jou die hof maak, maak jy terug die hof en sê: "Ja, Here," of koer.

241 Koer: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is. Ek sal julle Rus gee."

242 En jy sê: "Ag, ek's jonk. Ek het . . . O, my pastoor gaan nie . . . Alles wat ek te doen het . . . " Sien? Jy sal Dit nooit vind nie.

243 Maar wanneer jy sê: "Ja, my Here. Ek hoor U Stem. Ek verhard my hart nie. Ek gee nie om nie, Here, Dis U Woord en ek glo U. Neem my Jesus. 'net soos ek is, sonder een pleidooi, behalwe dat U bloed vir my gestort was. En daar sal ek belowe: "Ek sal glo." O Lam van God, ek kom.'" Lê jou hande op Sy sterwende hoof, sê: "Here, ek's 'n sondaar, en U het my geroep."

244 "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom, en Ek sal hom opwek in die laaste dae."

245 "Ja, Here, ek kom. Ek verhard my hart nie, soos hulle in die verbittering het nie, ek glo Hom waarlik."

246 Wat doen Hy dan? Hy gee jou Sy Lewe, Zoe, Ewige Lewe. En as God ons uit die stof van die aarde kon laat opstaan, waar ons vandaan kom . . . Het ons uit die stof gekom? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Alles wat jy sien, kom uit die stof. En as God my kon maak wat ek vandag is, sonder enige keuse te hê; net omdat Sy begeerte was om my te maak, en my die geleentheid gee om teenoor Gólgota te staan en my besluit te neem; en ek het my besluit geneem en in Hom geglo; hoeveel te meer sal Hy my laat opstaan! As Hy my gemaak het wat ek is, sonder 'n

keuse, toe het ek my keuse gemaak en Hom ingeneem; wanneer Hy Sy hande op Homself gelê het, en gesweer het by Homself, dat Hy my sou laat opstaan in die laaste dag. Ek sal verseker wees.

247 Ek het Rus, nie omdat ek op Sondag aanbid nie, nie omdat ek op die sabbat aanbid nie. Dit het niks daarmee te doen nie. Ek aanbid omdat ek in Sy vrede en Rus ingegaan het; vrede, rus, liefde, vreugde. Laat die storms woed. My anker hou.

248 Het jy daardie ondervinding, vanaand, my vriend wat hier in hierdie warm tabernakel sit? Jy het nie gekom om na my te luister nie. Nee. Jy het gekom om die Woord te hoor. Luister, my vriend.

249 Nou as jy nie daardie Rus het nie, kan jy Dit net nou kry. Jy hoef nie hier na die altaar toe te kom nie. Sit net waar jy is. Wees opreg, en sê: "Christus, spreek net tot my hart. Ek weet dis warm. Ek's—ek's net papnat, gesweet. Ek's aaklig. Maar Here, waarlik, ek kan van die pyn sweet, erger as dit, voor die môre."

En die dokter kan sy kop skud, sê: "Dis 'n hartaanval. Hy's weg." Dan wat?

250 Wat dan? Wanneer die groot Boek oopgemaak word, wat dan? Julle het daardie lied gehoor. *Wat dan?* "Wanneer diegene wat die Boodskap verwerp het, gevra sal word om 'n rede te gee, wat dan?" Wat dan? Dink nou daaraan, werklik diep.

251 Terwyl ons ons hoof buig, dink daaraan.

> Wanneer die een wat die Boodskap vanaand verwerp,
> Gevra gaan word 'n rede te gee, wat dan?
> Wat dan? Wat dan?
> Wanneer die groot Boek oopgaan, wat dan?
> Wanneer die een wat die Boodskap vanaand verwerp,
> Julle gevra gaan word 'n rede te gee,
> Wat dan?

252 Hemelse Vader, dit is nou alles in U hande. Hier lê die ware Sabbat voor die mense. Hier is die Engel van God, het vir die laaste paar jaar rondom die wêreld basuin. Kritici en wat nog alles het, probeer om Dit te veroordeel. Maar elke keer, bewys U Uself God te wees.

253 Wetenskaplike wêreld, die kerkwêreld; is hulle blind, Here? Miskien is daar vanaand hierbinne een wat graag hulle sig wil verkry, om voort te wandel, en God nie te versoek, soos in die dae van verbittering nie; nie Hom probeer versoek, deur goed te wees op Sondag, of 'n sekere dag te onderhou, of 'n sekere geloofsbelydenis, of aan 'n sekere kerk te behoort nie. Maar graag sal wil uitkom en besny word, aan die hart, en die

Heilige Gees ontvang. En hulle wil Hom hê. Deur geloof nou probeer hulle Hom in hulle hart ontvang. Hulle probeer genade by U vind, Here.

254 O, hulle mag in tale gespreek het. Hulle mag uitgeroep het. Hulle het steeds dieselfde ou humeur. Hulle het steeds dieselfde ou kwaadwilligheid. Hulle babbel en praat steeds, en doen dinge wat hulle nie behoort te doen nie. Hulle wil dit nie hê nie, Here. Wat dan, as daardie groot Boek geopen word? "Maar," is gesê: "sulkes sal nie die Koninkryk ingaan nie." "Wees julle daarom volmaak, selfs soos julle Vader in die Hemel volmaak is." Enigiets minder sal nie ingaan nie. Vertrou hulle geheel en al, vanaand, op die gekruisigde? Indien nie, Here, mag hulle daardie een Ewige "ja" net nou maak.

255 Sê: "Here, ek. . . Geen emosie nie, maar ek voel net Iets onder in my hart, daardie Iets sê vir my: 'Ek kan dit net nou doen, deur U genade.' En ek aanvaar U nou as my persoonlike Verlosser. Ek—ek verwerp alle dinge van die wêreld, en ek wil U Rus ingaan. En ek glo ek doen dit net nou. Ek glo die Heilige Gees bring my tot reg by daardie plek."

256 Terwyl elke hoof gebuig is. Voel enigiemand net nou so? Steek jou hand op. "Die Heilige Gees bring my nou tot 'n punt waar ek nie meer sal ydel klets nie." God seën jou. "Ek sal die dinge nie doen nie. My humeur is weg. Ek kan in vrede en vreugde en lankmoedigheid lewe, net van nou af. Ek glo God spreek juis nou tot my, dat ek dit kan doen van hierdie uur af aan, deur Sy genade." Sal julle julle hande opsteek? God seën jou. God seën die jong dame. Iemand anders? "Ek glo nou."

257 Moet Hom nie versoek, soos in die dae van verbittering nie. Moenie dink omdat ons kerk toe gaan op Sondag, of die sabbat onderhou nie. Paulus het gesê: "Julle wat dae of mane onderhou, ensovoorts, ek vrees vir julle. Die wet wat 'n skadu het van goeie dinge wat kom, en nie die eintlike beeld van die ding nie, kan nooit die aanbidder volmaak maak nie." Maar Christus maak jou volmaak, volmaak in die oë van God. Hy neem jou sonde weg, neem veroordeling van jou af weg, gee jou Sy liefde en vreugde.

258 Wil julle nou in Rus ingaan? Iemand anders steek hulle hand op, sê: "Ek het dit al gedoen." God seën jou, jong dame, hier aan my linkerkant. God seën die man wat aan my regterkant sit. Gaan Sy Rus binne, dink net nou daaraan.

259 Bid: "Net soos ek is, Here, sonder een pleidooi; ek is nie goed nie. Niks wat ek U kan bied nie, maar net my ou, verslete, sondige lewe. Sal U my ontvang? Reinig? Verlig? Want, ek het belowe ek sal glo. O Lam van God, ek kom. Ek kom nou, glo dat ek nou van dood tot Lewe oorgegaan het. Want, net hier op my sitplek, het ek U as my Verlosser aangeneem en ek voel vrede in my hart."

260 Vyf het hulle hande opgesteek. Sal 'n ander een wat so voel, julle hand opsteek? As jy nie 'n Christen is nie, neem Hom net nou aan.

261 As jy bely om 'n Christen te wees en nie daardie soort was nie, jy's steeds 'n sondaar, maak nie saak watter lewe jy—jy gedoen het, of hoe jy probeer om jouself te maak nie. Wat jy doen word nie aanvaar nie. Dis wat Hy gedoen het. Jou eie geregtigheid sal nie aanvaar word nie. As jy rook gelos het net omdat jy gesê het: "Wel, ek moet rook liewer los omdat ek Christenskap bely." God aanvaar dit nie. As jy ophou vroue begeer, net omdat jy jouself dit laat doen, aanvaar God dit nie. Dis iets wat jy doen. Dis werke. Dis genade wat jou red. Het God na jou toe gekom en die hele ding uit jou uitgeneem? Dis die volgende ding.

262 Jy sê: "Ek het by die kerk aangesluit, en dus moes ek hierdie dinge laat staan." God het dit nie aanvaar nie, niks wat jy kan aanbied nie. Hy aanvaar net wat Christus gee. Hy gee jou Ewige Lewe, en neem dit van jou af weg. Sal jy Dit aanvaar?

> . . . daar op die woeste, stormsee,
> Kom anker jou siel in die hawe van Rus,
> En sê: "My geliefde is myn."
> My siel's geanker . . .

Goed, julle kan julle kop oplig. Die boodskap is nou oor. Laat ons nou net aanbid.

> Op stormsee vaar ek nie meer;
> Die winde kan swiep oor die wilde diepsee,
> Maar Jesus is steeds my verweer.

263 Almal nou, in aanbidding.

> My siel's geanker in 'n hawe van Rus, (Sabbat)
> Op stormsee vaar ek nie meer;
> Die winde kan swiep oor die wilde diepsee
> Maar Jesus is steeds my verweer.
> Skyn op my . . .

Laat julleself net gaan. Sluit julle oë. Voel daardie goeie Gees? Dis aanbidding. Die boodskap is oor. Hierdie is aanbidding.

> Laat die Lig uit die toring skyn op my,
> O Skyn op my, O Heer, skyn op my,
> O laat die Lig uit die toring skyn op my.

264 Hoeveel voel regtig goed? Steek jou hand op. Daardie soet, nederige gees, dis Dit.

> Te wees soos Jesus, net te wees soos Jesus,
> Op aarde verlang ek te wees soos Hy;
> Die lewensweg langs, van hier na Glorie
> Wil ek net soos . . .

Aanbid net.

Die Boek Van Hebreërs

Hierdie elf Boodskappe deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels vanaf 21 Augustus tot 22 September 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf die magnetiese bandopnames en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2009 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org